vs. 14 Dit is oor hierdie mense dat Henog, wat van die sewende geslag na Adam was geprofeteer het. Hy het gesê: "Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele 15 en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het."

6. ***Vermaning en aansporing***:

Judas 1 vs. 17 – Maar julle, geliefdes, moet die dinge onthou wat die apostels van ons Here Jesus Christus voorheen reeds vir julle geleer het. 18 Hulle het vir julle gesê: "Daar sal in die laaste dae mense wees wie se lewe deur hulle eie goddelose begeertes beheers word, en hulle sal met julle die spot dryf." 19 Hierdie mense bring verdeeldheid; hulle word deur hulle natuurlike drange beheers en nie deur die Gees van God nie. 20 Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. 21 Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee. 22 Oor die wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm. 23 Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is.

Opsomming: (Inligting verkry uit: Die Bybel in Praktyk)

vs. 20 - 21
Geloofsverpligtinge – Mense wat willens en wetens sondig en aan God ongehoorsaam is, definitief gestraf gaan word. Judas gee praktiese riglyne oor hoe 'n gelowige sy lewe moet inrig, naamlik hoe sy gesindheid teenoor en verhouding met God moet wees. Jy moet dus nie net teen vals leraars wees, en naderhand jou hele gedrag deur hulle laat bepaal nie. Eerder moet jy vir God wees. Jou reaksie op vals leraars moet dus veral wees dat jy jou des te meer beywer om 'n intieme persoonlike en lewende verhouding met die Here te hê. Dit is die beste manier om die invloed van vals leraars te neutraliseer.

vs 22 en 23:
Hier blyk dit watter groot taak jy as gelowige teenoor ander mense het. Jy moenie maar net vals leraars beveg nie, maar jy moet ook met onderskeiding optree teenoor medegelowiges wat deur die vals leraars beinvloed word.

7. ***Lof aan God***:

Judas 1 vs 24 Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou, 25 aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen.

Opsommend: (Inligting verkry uit: Die Bybel in Praktyk)

vs 24 en 25:
Judas eindig die brief met 'n lofverheffing wat tegelykertyd 'n bemoediging vir die gelowiges is. God se krag stel gelowiges in staat om teen vals leraars weerstand te bied. Daar is baie vals leraars en hulle is beslis gevaarlik, maar solank as wat jy op God vertrou en dit met jou lewe bevestig, sal vals leraars jou nie van stryk bring nie.

Judas skryf aan gelowiges wat deur vals leraars verlok word om soos hulle onsedelik te leef, en dit daarby nog uit die Bybel te regverdig. Jy het in hierdie brief gesien dat die wyse waarop mens jouself teen sulke dwalinge staal, daarin bestaan dat jy erns daarmee maak om jou geloof nie net te bely nie, maar ook uit te leef. Maak dit jou biddende voorneme in die vaste verwagting dat jy sal beërf wat God in Christus beloof het: die ewige lewe, terwyl jy as onbevlekte nie net die heerlikheid van Christus aanskou nie, maar ook daarin deel.

*** Die besluit oor selfdegeslag verhoudings bring **DIEP BEROU IN MY HART.**

*** Ek beveel aan dat die **BESLUIT** oor selfdegeslag verhoudings **NIETIG VERKLAAR WORD.**

Ek is dankbaar dat ek op hierdie wyse kan opstaan vir Christus se Waarheid en so my geloof vir Hom diensbaar kan uitleef.

Ek wens julle vrede in Christus toe en Jesus sê in **Johannes 8 vs 31 "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; 32 en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."**

30 September 2016

118 – Beswaarskrif Ned Geref Gemeente Suider- Oudl. Strand Dawie de Wet

Vir jou aandag

From: David De Wet [mailto:dewet_d@yahoo.co.za]

Sent: Thursday, 29 September 2016 8:30 PM

To: Sophia de Kock <sophiadk@ngkerk.org.za>

Subject: Beswaarskrif?

Geagte Voorsitter en lede van die kommissie wat die beswaarskrifte hanteer:

Dit is jammer (veral vir mense in SGVe) dat dit hierdie saak moet wees wat die probleem van Skrifgesag in die Ned Geref kerk in die middelpunt geplaas het.

Die vraag wat eerstens beantwoord moet word is eenvoudig: is die Bybel:

A. God se Woord in mensetaal

of

B Mense se denke en belewenisse van God?

Die NGB verklaar onomwonde dat die Bybel onfeilbaar en volkome die Woord van God is. As die Sinode nog steeds die NGB as belydenis aanvaar, geld stelling A . En dan is dit nie moontlik om SGV's Bybels te regverdig nie.

Dit beteken eenvoudig dat die 2015-besluit direk in botsing met die Kerk se belydenis is.

As u hierdie feit insien en dus die appellante teen die 2015-besluit gelyk gee, sou u ook die kerk duidelike leiding moet gee oor hoe die kerk met baie liefde en deernis die probleem met die betrokke lidmate gaan deurwerk.

Ek is verder oortuig dis verkeerd om die appellante te vra om gravamina in te dien, omdat hulle juis die kerk se belydenis wil behou.

Indien u sou aanbeveel dat die Sinode die 2015 besluit behou en SGV's ten volle deel van die kerk se wese maak, moet die Sinode net eers die eerlike en deursigtige weg volg en erken dat 'n ander Skrifbeskouing (Stelling B) geld. Dan moet daar duidelik verklaar word dat, in die lig van huidige denke oor die saak, die belydenis onhoudbaar geword het en aangepas moet word. In hierdie geval sal 'n gravamen ('n beswaarskrif teen die belydenis van die kerk) wat 'n wysiging van die belydenis voorstel, eers voor die sinode moet dien en goedgekeur word.

Ek pleit daarom by u om hierdie deursigtige weg te volg.

Seën vir u werk toegebid

Dawie de Wet

(Ouderling, Ned Geref Gemeente Suider-Strand).

119 – Voorlegging André Bartlett

Voorlegging aan die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk, 7-10 Oktober 2016

1. By die Algemene Sinode van 2015 het NG Kerk met sy besluite oor die status van vaste selfdegeslagverhoudings ‘n merkwaardige beslissing gemaak. Die sinode het nie net erkenning gegee aan sulke verhoudings en dit moontlik gemaak vir NG-predikante om die bevestiging van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag te hanteer nie, maar ook die selibaatsvereiste wat tot nou toe gegeld het vir gay en lesbiese predikante, opgehef. Dit alles as uitvloeisel van ‘n verbintenis tot die gelykwaardige en menswaardige behandeling van alle lidmate van die kerk, ongeag hulle seksuele oriëntasie.

2. Wat opvallend was in die debat wat tot hierdie besluit gelei het, is dat daar ten opsigte van Bybelgebruik en Bybelverstaan twee baie duidelike lyne gevolg is. Hoe hierdie twee lyne ontwikkel het in die gesprek binne die NG Kerk blyk duidelik uit die verslae wat voor die Algemene Sinodes van 2002, 2004 en 2007 gedien het. Eersgenoemde verslae word as integrale deel in hierdie voorlegging opgeneem en word as Bylaag A en Bylaag B en Bylaag C. (Ek aanvaar dat die 2007-verslag sowel as die verslwat in 2015 aan die Algemene Sinode voorgelê is, in elk geval as voorleggings voor die Algemene Sinode sal dien).

3. **Aan die een kant** (soos blyk uit die betrokke verslae) is daar in die proses van besinning die benadering om van ‘n paar **“proeftekste”** gebruik te maak om aan te dui dat die Bybel gekant is teen enige vorm van homoseksuele gedrag en dat die kerk dus in gehoorsaamheid aan hierdie tekste nie anders kan as om te volstaan met ‘n verbod op verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie. Van die mense wat hierdie lyn gevolg het, het wel die voorstel dat daar eers weer verdere studie gedoen moet word voor ‘n volgende Algemene Sinode ‘n besluit neem, gesteun, maar met die veronderstelde verwagting dat hierdie tekste dan steeds die deurslag sal gee.

4. **Aan die ander kant** iss daar die benadering om **nie vanuit enkele tekste** ‘n saak op te bou nie, maar om **eerder die breë lyne van die Bybel** te probeer volg – en dan veral vanuit die perspektief van die Jesusverhaal soos wat dit in die Nuwe Testament uitdrukking vind. Daar is wel ook na die sogenaamde “proeftekste” gekyk, maar daar is bevind dat hierdie tekste te doen het met seksuele uitwasse tussen mense van dieselfde geslag en dus nie bruikbaar is in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings van wedersydse liefde en trou nie.

5. In die lig van die **Jesusverhaal** word daar veral op twee aspekte gefokus: Jesus se radikale insluiting van mense wat om een ander rede deur die samelewing gemarginaliseer is, en die wyse waarop Jesus die wet as maatstaf vir menslike gedrag hanteer het.

6. Uit **Jesus se optrede teenoor gemarginaliseerdes** is dit baie duidelik dat hy uitgebeeld word as iemand wat uit sy pad gegaan het om mense wat deur samelewingsnorme en –strukture uitgesluit is, in te sluit by die gemeenskap wat hy rondom hom vergader het. Dit het ook mense ingesluit wat op grond van Ou Testamentiese rituele en reinheidsreëlings uitgesluit is van volle deelname aan die lewe van die geloofsgemeenskap.

7. Ten opsigte van die tweede aspek (**Jesus se hantering van die wet**) word sy samevatting van die wet in die dubbele liefdesgebod as uitgangspunt geneem. In die lig hiervan word die liefde as maatstaf gebruik om te bepaal of menslike gedrag (ook seksuele gedrag) reg of verkeerd is. Die vraag

hoe hierdie norm konkreet hanteer moet word, kan op tweeërlei maniere beantwoord word: enersyds op negatiewe wyse deur te verwys na Paulus se uitspraak in Romeine 13:10 dat “die liefde die naaste geen kwaad aandoen nie”, en andersyds op positiewe wyse deur te verwys na Jesus se woorde in Johannes 10:10: “Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed”.

8. Die klassieke voorbeeld in hierdie verband is die antwoord van Jesus aan diegene wat hom gekritiseer het oor sy dissipels se oortreding van die sabbatsgebod, toe hy gesê het: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie” (Markus 2:27). Hieruit is dit duidelik dat die “lewe in oorvloed” waardeur die naaste nie kwaad aangedoen word nie, belangriker is as die strakke/wettiese nakoming van een of ander bepaling van die wet.

9. Indien die lens van die liefdesgebod (in positiewe én negatiewe sin) oor die sogenaamde “proeftekste” geplaas word, sou daar bevind kon word dat die gedrag wat daarin beskryf word, wel afkeurenswaardig is – nie omdat dit ‘n algemene oordeel oor homoseksuele gedrag uitspreek nie, maar omdat dit verwys na spesifieke gedrag wat die medemens kwaad aandoen. Dit gaan immers in hierdie tekste oor sake soos groepsverkragting (die verhaal van Sodom), tempelprostitusie (die Levitikus-tekste), uitspattige seksorgies van goddelose mense (Romeine 1) en die seksuele uitbuiting van ondergeskiktes en minderjariges (1 Korintiërs 6 en 1 Timoteus 1). Sulke gedrag doen nie net die medemens kwaad aan nie, maar dra ook nie by tot die verwesenliking van ‘n “lewe in oorvloed” nie, en word om dié rede steeds as onaanvaarbare en sondige gedrag beskou.

10. Indien die liefdesgebod as norm hanteer word om menslike verhoudinge te beoordeel, dan behoort daar wat sowel heteroseksuele as homoseksuele verhoudings betref, die dubbele vraag gevra te word: doen dit die medemens kwaad aan, en staan dit in diens van ‘n lewe in oorvloed?

12. Indien twee persone in ‘n verhouding van liefde en trou staan waar hulle mekaar nie kwaad aandoen nie en mekaar se lewens verryk, is dit ‘n verhouding wat die toets van die liefdesgebod deurstaan en as eties aanvaarbaar beskou kan word. Dan maak dit ook nie saak of dit ‘n verhouding tussen persone van dieselfde geslag of tussen persone van die teenoorgestelde geslag is nie.

13. ‘n Mens sou verder kon gaan deur te sê dat dit téén die bedoeling van die liefdesgebod is om van enigiemand op grond van sy/haar seksuele oriëntasie te verwag om te kies vir ‘n lewe van eensaamheid en onvervuldheid. Volgens die tweede skeppingsverhaal in die Bybel het God self aan die begin gesê “dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie” en toe vir die mens ‘n medemens gemaak het “wat by hom pas”.

14. Met die besluit om te kies vir die erkenning van selfdegeslagverhoudings het die Algemene Sinode nie net ‘n bepaalde etiese beslissing gemaak nie, maar ten diepste gekies vir ‘n meer verantwoordelike wyse om met die Bybel om te gaan in die soeke na antwoorde op lewensvrae.

15. Wat die 2015-besluit nog meer merkwaardig maak is dat dit ook ruimte geskep het vir lidmate, ampsdraers en Kerkrade wat nie gemaklik voel met die erkenning van selfdegeslagverhoudings nie, deur die volgende te verklaar: “Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël”. **Daarmee word die twee kante die debat nie op uitsluitende wyse teen mekaar afgespeel nie, maar word daar juis voorsiening gemaak vir die hantering van die verskille op ‘n wyse wat dit vir alle betrokkenes moontlik maak om volgens hulle gewete te handel.**

16. Ek sou graag ‘n dringende beroep op die buitengewone Algemene Sinode wou doen om die besluite van die Algemene Sinode te handhaaf en om moeite te doen om die inklusiewe aard van hierdie besluite duidelik aan lidmate te kommunikeer.

Bylaag A: Verslag van ATLAS oor Homoseksualiteit aan die Algemene Sinode van 2002 (numerering van die verslag behou)

14. HOMOSEKSUALITEIT

14.1 INLEIDING

14.1.1 Die Algemene Sinode van 1986 het die verslag ***Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?*** *(Handelinge Algemene Sinode 1986: 672)* as beleidstandpunt van die NG Kerk aanvaar. Dit sluit 'n groot aantal aanbevelings in waarvan een lui (30.5.3.2): ***Homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar.***

14.1.2 Destyds het die verslag (anders as **Kerk en Samelewing**) geen rimpeling veroorsaak nie. Sedertdien het die situasie drasties verander soos blyk uit die feit dat verskillende streeksinodes die afgelope jare ernstig met hierdie problematiek geworstel het. Hoewel die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake geen opdrag van die Algemene Sinode 1998 in hierdie verband ontvang het nie, het die kommissie tog geoordeel dat in die lig van die aktualiteit van die tema dit onverantwoordelik sou wees om vir ten minste nog die volgende vier jaar sondermeer met die standpunt van 1986 te volstaan. Daarby het die ASK die kommissie versoek om aandag aan die saak te verleen en om aan die Algemene Sinode 2002 te rapporteer.

14.1.3 Ons is bewus daarvan dat die Sinode waarskynlik nog nie in staat is om oor hierdie brandende kwessie 'n duidelike standpunt in te neem nie. Hierdie verslag is niks meer nie as 'n poging om rigting te gee aan die onontbeerlike debat wat by ons pas in alle erns begin het. Hoewel die wyse waarop die diskussie in die buiteland verloop het min hoop bied dat konsensus hieroor maklik bereik sal word, kan ons tog grootliks baat by die omvattende besinning wat reeds wêreldwyd in teologiese geledere hieroor plaasgevind het.

14.2 DIE PROBLEMATIEK

14.2.1 In die debat word gewoonlik verskillende vorme van homoseksualiteit onderskei wat meestal ook moreel verskillend beoordeel word. Ons sien egter daarvan af om 'n definisie te probeer gee wat vir al die verskillende gestaltes voorsiening maak.

14.2.2 Dit is verder opvallend dat terwyl vir homoseksuele relasies tussen vroue 'n afsonderlike woord gebruik word, dieselfde selde gebeur in die geval van mans. (In Duits word wel 'n onderskeid gemaak tussen **Lesben** en **Schwulen**). Sommige is van mening dat die skerp afwysing van homoseksualiteit tussen mans en diskrimasie teenoor vroue, ondergronds verband hou met mekaar. Die woord **malakos** (1 Kor 6: 9**)** wat deur sekere verklaarders verstaan word as 'n verwysing na 'n manlike prostituut, beteken eintlik om verwyfd te wees. Volgens Josephus kon 'n man beskuldig word van **malakia** indien hy swak was in oorlog, te veel luuksheid geniet het, of huiwerig was om selfmoord te pleeg. In die Bybel word eintlik net een keer uitdruklik na homoseksuele relasies tussen vroue verwys (Rom 1:26). Vir ons doel sluit die begrip “homoseksualiteit” sowel manlike as vroulike vorme daarvan in. **Homoseksualiteit** staan dus teenoor **heteroseksualiteit.**

14.2.3 In die gesprek binne eie kerklike kring bestaan eenstemmigheid dat **promiskuïteit** in sowel 'n heteroseksuele as 'n homoseksuele gedaante onaanvaarbaar is. Wanneer sprake is van 'n duursame homo– of heteroseksuele relasie, word onder seksualiteit veel meer as blote (biologiese) seks verstaan, maar dui dit veeleer op 'n verlange na totale lewensgemeenskap wat ook die seksueel-erotiese insluit. Dit bring mee dat homoseksualiteit nie in isolasie beskou kan word nie, maar as onderdeel van die meer omvattende problematiek van die rol van die seksuele as sodanig. Dan word byvoorbeeld die vraag aktueel of die seksuele se eintlike (enigste?) funksie

bestaan in die verwekking van kinders. Indien daar ook ander funksies met die seksuele saamhang, is die vraag of dit ook tot uitdrukking mag kom in 'n homoseksuele relasie. Terwyl die oorgang van die seksdrif na die seksdaad in heteroseksuele monogame relasies nie net aanvaarbaar nie, maar as positief goed beoordeel word en uiteraard noodsaaklik is vir die voortbestaan van die mensdom, wonder baie of die blote afwesigheid van die moontlikheid van voortplanting, dit moreel onaanvaarbaar maak in die geval van homoseksuele, duursame verhoudings.

14.2.4 Behalwe dat promiskuïteit aan beide kante van die debat verwerp word, bestaan ook eenstemmigheid in ons geledere dat die gesag van die Skrif in hierdie aangeleentheid deurslaggewend is. Oor die eksegese van die relatief min tekste wat hier ter sprake is, bestaan egter ingrypende verskille. Maar selfs al sou konsensus bereik word dat die Skrif homoseksualiteit as sonde afwys, is die debat daarmee nog nie op 'n einde nie. Ook egskeiding en hertrou van geskeides word deur die Bybel as sonde bestempel en tog getolereer as gevolg van menslike swakheid. In ons gebroke werklikheid moet ons meermale kies, nie tussen goed en sleg nie, maar tussen sleg en slegter. Wanneer dit die enigste opsies is wat vir ons oop is, is dit “goed” om vir “sleg” te kies al hou “sleg” nie daarmee op om “sleg” te wees nie.

14.2.5 'n Vorm van toleransie wat dikwels voorkom, is dat simpatiek geoordeel word oor die homoseksuele oriëntasie (**homofilie**), terwyl homoseksuele praktisering afgewys word. Blykbaar is dit ook die posisie wat die verslag van 1986 inneem. Daar word beweer dat 'n homoseksuele oriëntasie as sodanig nie summier tot persoonlike skuld gereken kan word nie (Agenda, 362). Dit skep die indruk dat 'n homoseksuele gerigtheid eerder 'n siekte is as 'n sonde. Pas die homoseksuele daad word as sedelik onaanvaarbaar beskou. Maar kan die oriëntasie moreel onskuldig wees as dit dui op 'n geneigdheid tot 'n gedrag wat sondig is? Maak die begeerte na 'n sondige daad nie die begeerte self reeds sondig nie?

14.2.6 Die tolerante standpunt word in elk geval deur die homoseksuele gelowige self as neerbuigend en derhalwe as aantasting van sy/haar menswaardigheid ervaar. Nie die tolerante aanvaarding van 'n gebrek nie, maar die positiewe goedkeuring van 'n homoseksuele, duursame relasie as 'n goeie gawe, is die kernkwessie waaroor dit in die debat gaan. In kort kan ons die eintlike punt waar die skoen knyp so saamvat: **Is dit moontlik om die gesag van die Skrif te aanvaar en terselfdertyd 'n duursame ("monogame") verhouding tussen mense van dieselfde geslag goed te keur?**

14.2.7 'n Verdere kwessie is of die direkte uitsprake van die Skrif ten opsigte van homoseksualiteit, sondermeer bindend is vir ons. In die verslag oor d**ie gesag van die Skrif**, word aangetoon dat die Bybel geen bindende uitsprake oor die wetenskap maak nie, omdat dit die oortuigings van sy tyd reflekteer. In die Bybel gaan dit primêr om God self in sy genadige neerdaling na die mens wat kulmineer in die Kruis. Geld dit nie ook grootliks vir etiese aangeleenthede nie? Om enige verskynsel eties te kan beoordeel, is immers kennis van die verskynsel noodsaaklik wat met die loop van tyd kan verander. In die Bybel gaan dit nie in die eerste plek om wetenskap (ook teologie) en etiek nie, maar om God self in sy verhouding tot die werk van sy hande.

14.2.8 Sonder twyfel het die openbaring van God groot implikasies vir ons etiese oortuigings, maar binne die Bybel self wat oor eeue tot stand gekom het, vind daar duidelik verskuiwings en voortgang plaas. Die liefdesgebod is en bly weliswaar die essensie en samevatting van die wet in alle eeue, maar ten opsigte van die konkretisering daarvan tree sonder twyfel verskille op in die loop van die tyd. Dit maak daarom sin om onderskeid te maak tussen verskillende vorme van etiek in die Bybel (byvoorbeeld die verskil tussen Ou en Nuwe Testament ten opsigte van sommige sake) en 'n "Bybelse etiek" waarin rekening gehou word met die Gees (Liefde) van God wat in die Skrif en die voortgaande geskiedenis op verskillende wyses na vore kom. Om aan die **Gees** van die Bybel se voorskrifte gehoorsaam te wees, moet ons soms verder gaan as die blote **letter** van die Skrif soos byvoorbeeld blyk uit ons houding teenoor slawerny. In die Bybel self staan die letters (woorde) van die Skrif telkens onder die kritiek van die Gees wat juis in 'n vroeëre fase

medeverantwoordelik was (saam met die menslike skrywers) vir die totstandkoming daarvan (sien **Die gesag van die Skrif**). In die Bergpredikasie verwys Jesus soms na die Wet in die Ou Testament, maar laat direk daarop volg: “Maar Ek sê vir julle…”. Uit gehoorsaamheid aan die Skrif, mag ons nie maar bloot bly staan by die “letterlike” woorde van die Skrif nie, maar soos die Reformatore moet ons luister na die Gees van God in die “letters”. Alleen so bly die Bybel vir ons die lewende Woord van God.

14.3 SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

14.3.1 Vir baie gelowige lesers van die Skrif is die antwoord op die vraag na die aanvaarbaarheid van homoseksualiteit onomwonde afwysend. Volgens hulle oortuiging is die uitsprake van die Skrif te duidelik om enige debat hieroor toe te laat. Vir ander is die situasie onseker omdat die uitleg van die betrokke tekste omstrede is. 'n Derde groep is weer van oortuiging dat die tekste nie te make het met 'n duursame lewensgemeenskap tussen mense van dieselfde geslag nie en daarom nie ter sake is nie. Staan ons hier dus in 'n doodloopstraat wat die kerk in sy geheel, wat al drie groepe insluit, geen ander opsie laat as om te sê dat ons nie weet nie, en dit derhalwe oor te laat aan die gewete van die indiwiduele gelowige? Hoewel minder bevredigend sal sommige argumenteer dat laasgenoemde 'n meer eties verantwoorde standpunt is, as om mense se gewetens te bind terwyl daar binne die kring van die kerk self soveel onsekerheid bestaan.

14.3.2 Ons is egter van mening dat die punt nog nie naasteby bereik is waar dit nodig is om handdoek in te gooi nie. Hierdie debat is eerder 'n toetsgeval vir 'n meer omvattende problematiek naamlik die wyse waarop die gesag van die Skrif binne die kerk funksioneer (sien die verslag: **Die gesag van die Skrif**) en meer in besonder die wyse waarop ons in etiese kwessies ons op die Skrif beroep. Selfs al sou ons aanvaar dat eenstemmigheid oor die uitleg van enkele ter sake tekste nooit bereik sal word nie, of aan die anderkant, selfs as ons sou saamstem dat ten minste sommige of dalk selfs al hierdie tekste afwysend staan teenoor homoseksualiteit in watter vorm ookal, beteken dit nog steeds nie dat die debat daarmee afgeloop is nie. Die uitsprake van die Skrif teen die neem van rente byvoorbeeld, is ten minste net so duidelik, en volgens sommige veel duideliker, as teen homoseksualiteit. Tog is daar waarskynlik weinig onder ons wat teen rente as sodanig gekant is. Ook staan ons meestal nie net tolerant daar teenoor nie, maar keur dit goed deur ons geld op die bes moontlike manier te belê. Indien jy dus sowel jou integriteit as die Bybel en jou bankbalans wil behou, sal jy nie bloot by die letter van die Skrif kan bly staan nie, maar op soek moet gaan na die bedoeling van die (G)gees in die letter. Daarvoor is meer nodig as 'n beroep op enkele losstaande tekste, maar moet die boodskap van die Bybel in sy geheel, in berekening gebring word.

14.3.3 Dit geld telkens vir ons beroep op die Skrif (vergelyk byvoorbeeld kinderdoop, kindernagmaal, nagmaal vir vroue, die Heidelbergse Kategismus se verklaring van die neerdaling ter helle, die uitleg van die 10 gebooie, die Drie-eenheid, ens ens ens). Die letter opsigself maak dood, maar die Gees maak lewend (2 Kor 3:6; vgl ook Rom 7:6 Ou Vertaling). Dit geld vir dogmatiek en etiek, (leer en lewe) in die algemeen, maar vir laasgenoemde in die besonder. Terwyl dit in die leer basies gaan om wat God eens en vir altyd vir ons gedoen het in Christus, gaan dit in die etiek om dit wat God van ons verwag om in Christus daagliks te doen onder leiding van sy Woord en Gees. Daarvoor wys die Woord vir ons die koers aan om ons te help in ons konkrete konteks. Dit was juis die eise van die voortdurend veranderende konteks wat die agtergrond gevorm het vir die ontstaan van die kasuïstiek, dit wil sê die opstel van talle reëls wat voorsiening probeer maak het vir die groot variasies van spesifieke omstandighede. Die daarmee gepaardgaande gevaar was dat dit soveel reëls tot gevolg gehad het dat die letter gedreig het om die (G)gees van die lewende Woord te verdring.

14.4 TORAH TEENOOR NOMOS

14.4.1 Van die allergrootste belang is om die onderskeid tussen die Hebreeuse **torah** en die Griekse **nomos**, wat ons beide met “wet” vertaal, in gedagte te hou. Terwyl **nomos** die konnotasie het van 'n formele, rigiede wetskode, het **torah** die veel meer soepel en dinamiese betekenis van “onderrig” in 'n konkrete situasie. Laasgenoemde kan wel gestalte aanneem in wetsvoorskrifte,

maar ook in verhale, liedere, spreuke, ens. Die hele Pentateug, trouens die hele Ou Testament, kan as **torah** bestempel word. Dit mis die "wettiese karakter" van die Griekse **nomos** en het 'n rigtinggewende betekenis omdat dit gerig is op die doel (voleinding) waarmee God met sy skepping oppad is. Enersyds **relativeer**, andersyds **radikaliseer** die groot Toekoms die voorskrifte van die torah. Beide blyk uit Jesus se Bergpredikasie en Paulus se houding teenoor die heidene en die huwelik (1 Kor 7). In 'n nuwe fase in die geskiedenis van die heil, kan die vorige voorskrifte "opgehef" word in beide betekenisse (**verhef** én **vervang**) van die woord. Enersyds word in die **nuwe verbond** die **doel** van die **ou verbond** bereik; andersyds beteken die nuwe verbond juis daarom die **einde** van die oue. In daardie sin is Christus die (doel) **einde** van die wet (Rom 10:4). In Hom het die voleinding (Koninkryk van God) **naby** gekom (Mark 1:15).

14.4.2 Wat egter **in Christus** reeds volkome waarheid en werklikheid geword het, is nog nie die geval in die kerk en die wêreld nie. Daarom het ons nog steeds die rigtinggewende **torah** nodig. Hebr 8:13 (ou vertaling) leer ons dat die oue **naby** die verdwyning is. In Christus het die ou dinge wel verbygegaan en het alles nuut geword (2 Kor 5:17), maar tot aan die voleinding van die geskiedenis leef ons nog altyd te midde van die oue. Die nuwe se verskyning is die oue se verdwyning. Die kerk se bestaan speel af te midde van hierdie verskyning en verdwyning, die **alreeds** van die nuwe en die **nog steeds** van die oue. Dit maak die posisie van die gelowige en die kerk in hierdie bedeling so dubbelsinnig. Enersyds dreig die gevaar dat ons **wetteloos** sal lewe omdat Christus se dood alreeds die einde is van die wet; andersyds bestaan die gevaar van 'n **wettiese** lewenswyse omdat ons nog steeds in die ou bedeling lewe. Om aan beide gevare te ontkom, is ons diep afhanklik van die soepelheid van siel wat alleen die Gees van God ons kan gee.

14.4.3 In die voorskrifte van die Torah kom die wese van die mens as beelddraer van die God van liefde, na vore soos dit gedurende 'n spesifieke tyd tot uitdrukking kom. Wie daarom bly vassteek by die letter van die **torah**, bedroef die Gees wat daarin tot ons spreek. Soos Paulus dit stel: 2 Kor 3:5, 6: **Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend**. Dit beteken hoegenaamd nie 'n minagting van die letter nie. Immers, 2 Kor 3:7, 8 leer: **Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlikheid gekom. Hierdie heerlikheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon kyk nie. As die bediening wat tot die dood lei, met soveel heerlikheid gekom het, hoeveel groter sal die heerlikheid wat deur die Gees geskied dan nie wees nie?**

14.4.4 In ons soeke na die bedoeling van die Gees in die letters van die Skrif, moet telkens rekening gehou word met die **Skrifkonteks** (watter posisie neem dit in binne die voortgang van die geskiedenis van die heilsopenbaring), die **historiese konteks** (wat was die situasie destyds wat die agtergrond van 'n spesifieke etiese uitspraak vorm), en **ons eie konteks** (wat is die ooreenkoms en verskil tussen destyds en deesdae). Dit doen eintlik in 'n mindere of meerdere mate elke lidmaat wat die Bybel lees (on)bewustelik, terwyl die teologie tot taak het om die lidmaat hiermee te help deur dit doelbewus te doen. Wie so saam met medegelowiges, wat die vaders en moeders, broers en susters, geleerdes en ongeleerdes, homoseksuele en heteroseksuele, insluit, ootmoedig biddend na die Gees in die letters (woorde) van die Skrif luister, sal telkens die verrassende ontdekking doen dat God se Woord lewend en kragtig is en die bedoelings en gedagtes van die hart beoordeel (Heb 4:12).

14.5 DIE BETROKKE TEKSTE

14.5.1 Hoewel dit onmoontlik is om binne die bestek van hierdie verslag volledig op die eksegese van die tekste wat deurgaans 'n rol in die debat speel in te gaan, wil ons net kortliks aantoon dat die uitleg van hierdie tekste nie so voor die hand liggend is as wat baie mense blykbaar meen nie.

14.5.2 Diegene wat oortuig is dat die gesag van die Skrif dit onmoontlik maak om gunstig teenoor homoseksualiteit te oordeel, beroep hulle op verskillende kategorieë van tekste naamlik die skeppingsverhaal, dié wat homoseksualiteit uitdruklik verbied, historiese verhale wat beskou word as afwysend teenoor homoseksualiteit, en Nuwe Testamentiese lyste van onwelvoeglike optrede. Wat laasgenoemde betref, neem Rom 1:26,27 'n besondere plek in. Waarskynlik is dit die

eintlike teks wat baie as beslissend beskou.
14.5.3 Oor die skeppingsverhaal kan ons kort wees. In die debat speel dit meestal 'n rol in kombinasie met ander tekste (veral Rom 1). In die skeppingsverhaal self word in elk geval nie (positief of negatief) verwys na homoseksuele gedrag nie. Weliswaar lees ons dat God die mens as man en vrou geskep het, maar dit weet elkeen wat rondom hom/haar kyk. Ook die diere is as mannetjies en wyfies geskep, maar dit is te betwyfel of daaruit enige konsekwensies vir ons tema getrek kan word. Klaarblyklik doen die diere dit ook nie, want "homoseksualiteit" kom veelvuldig in die diereryk voor.
14.5.4 Net in Lev 18:22 en 20:13 in die Ou Testament, word homoseksuele dade uitdruklik verbied. Dit maak deel uit van die kultiese **Heiligheidskode** (Lev 17-26) waarin ons talle wette aantref waarin die onderskeid tussen Israel en die heidene na vore kom. Levitikus 18 begin met die waarskuwing dat Israel nie moet maak soos die Egiptenaars uit wie se land hulle weggetrek het of die Kanaaniete na wie se land hulle gaan trek nie. In Lev 18: 22 lees ons (N I V): "Do not lie with a man as one lies with a woman; that is detestable." Dit word herhaal in Lev 20:13 terwyl die dreiging van die doodstraf nog bygevoeg word. Dit is duidelike taal – ook wat die doodstraf betref. Laasgenoemde geld ook kinders wat hulle ouers vloek (Lev 20:9). Net so duidelik is Lev 19:19: "Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in een land saai of 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie. "Tog neem niemand dit deesdae meer ernstig as sedelike voorskrifte nie. Ook nie Lev 21:16-23 waar niemand toegelaat word tot amptelike offerdiens wat enige liggaamsgebrek byvoorbeeld (vs 20) 'n boggel of onderontwikkelde liggaam, 'n pêrel op die oog, skurfte, 'n veluitslag of 'n beskadigde geslagsdeel, het nie.
14.5.5 Klaarblyklik geld hierdie uitsprake in letterlike sin nie meer vir ons nie. In hierdie verband kan 'n mens ook dink aan Deut 23:1 waar ons lees: "Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie." Dit blyk egter nie die laaste woord te wees nie, want later lees ons in Jes 56:3-5: " 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie. So sê die Here: Aan die ontmandes…sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan hulle 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie." In die geskiedenis van die ontmande Etiopiër vind Filippus dit dan ook geen verhindering om hom as lidmaat van die gemeente te doop nie (Hand 8:26-40. Let op hoeveel keer die woord "ontmande" voorkom).
14.5.6 In die verhale van Gen 19 (die sonde van Sodom) en Rigters 19 (die Leviet en sy byvrou) bevind ons ons in 'n kultuur wat totaal vreemd is aan ons eie. In ons kultuur is dit ondenkbaar dat Lot bereid was om sy dogters aan die geweldenaars uit te lewer, ten einde sy manlike gaste te beskerm. Dieselfde geld van die ou man in Rig 19:24 om nie eers te praat van die Leviet wat sy byvrou opoffer ten gunste van homself nie (Rigters 19:25). Vreemd dat hierdie verhale gebruik word om homoseksualiteit af te wys, want in albei verhale was die misdadigers klaarblyklik nie homoseksueel nie, en was hulle motief niks anders nie as om te verneder. In beide gevalle gaan dit veeleer om die verskrikking van seksuele geweld (verkragting. Vergelyk hoedat hulle in Rig 19:25 die vrou die heel nag "verrinneweer") as om homoseksualiteit.
14.5.7 In 1 Kor 6:9 sowel as 1 Tim 1:10 word woorde gebruik waarvan die presiese betekenis omstrede is. Sommige meen dat **arsenokoitai** die tegniese term kan wees vir die aktiewe persoon in 'n homoseksuele relasie tussen mans terwyl die **malakoi** dan verwys na die passiewe seksgenoot. Terwyl party Skrifverklaarders hierby dink aan tempelprostitusie, meen ander dit slaan op **pederasti,** naamlik die beoefening van seks deur volwasse mans met jong seuns. Hoe dit ookal sy, dit kan moeilik ontken word dat homoseksuele gedrag hier, soos deur die moraalfilosowe uit die Hellenisme van destyds, sterk veroordeel word. Soos in Rom 1 word homoseksuele praktyke blykbaar as tipies van die heidene beskou. Dit is derhalwe belangrik om daarop te let dat die konteks van 1 Kor 6 handel oor die onaanvaarbaarheid daarvan dat gelowiges hofsake onder mekaar het en dan nogal voor "heidense regters" (1 Kor 6:1; vgl vss 4 en 6). Vreemd dat terwyl dit die eintlike punt is van die perikoop, soveel aksent geplaas word op

Paulus se veroordeling van homoseksualiteit. Paulus se betoog dat die gelowiges eerder onreg moet ly as om hulle op ongelowige regters te beroep, besorg ons minder probleme. In laasgenoemde geval (soos ten opsigte van rente) word blykbaar sondermeer aanvaar dat Paulus vanuit sy konteks van destyds verstaan moet word.
14.5.8 Die teks wat in die hele debat waarskynlik die grootste rol speel, is Paulus se uitsprake in Rom 1:26v. Maar dit kom ter sprake in die volgende paragraaf.

14.6 IS HOMOSEKSUALITEIT TEEN-NATUURLIK?
14.6.1 In die hele debat speel veral Rom 1 'n deurslaggewende rol. Dit is onmoontlik om binne kort bestek reg te laat geskied aan die verskillende standpunte wat in die bespreking van hierdie gedeelte na vore kom (byvoorbeeld die sogenaamde retoriese uitleg), maar ons doel is net om aan te toon dat die betekenis van hierdie gedeelte nie so vanselfsprekend is as wat dikwels gedink word nie.
14.6.2 Dat Paulus in hierdie gedeelte afwysend staan teenoor homoseksuele praktyke kan kwalik betwyfel word. Dit is 'n oortuiging wat hy deel met talle denkers soos by voorbeeld Plato, Aristoteles, die Stoïsyne, Seneca, Philo en Josephus. Mens sou dit 'n standaard morele oortuiging van die kultuur van sy tyd kan noem. Daarmee is nie gesê dat dit daarom geen gesag het nie, want Paulus is oortuig dat ook die heidene deur hulle optrede dikwels toon dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan (Rom 2:15). Sy punt is juis dat die Jode geen rede het om hulle in eiegeregtigheid bo die heidene te verhef en sodoende hulleself te verontskuldig nie (Rom 2). Nie die homoseksuele praktyke van die heidene nie, maar die selfverheffing van die Jode teenoor die heidene is die eintlike punt van Paulus se kritiek.
14.6.3 Soms staan die Bybelskrywers sterk afwysend teen die gangbare morele oortuigings van hulle tyd, maar ander kere word direk daarby aangesluit. Dikwels is dit nie soseer die moraliteit wat ons in die Skrif aantref wat anders is as die heidense omgewing nie, maar veeleer die verbondskonteks waarbinne dit staan. Die moraal in die briewe van Paulus, kom 'n mens meermale elders teë. Kritiek op die skeidsmuur tussen Jood en Griek tref jy ook by buite-Bybelse skrywers aan, maar by Paulus kry dit 'n Christologiese fundering. “Neither the Ten Commandments nor the great commandment is revelatory if separated from the divine covenant with Israel or from the presence of the Kingdom of God in the Christ” (Paul Tillich).
14.6.4 Net soos sy sosiale omgewing aanvaar ook Paulus slawerny as maatskaplike verskynsel, maar hol dit tot so 'n mate van binne uit dat slawerny as sodanig later in die Westerse wêreld verdwyn. Hoewel hy na die letter nie slawerny as verbode beskou nie, is die (G)gees van wat hy sê van so 'n aard dat ons vandag slawerny as sodanig afwys. Wie vandag nog met 'n beroep op die letter wil vashou aan slawerny, sondig teen die Gees in die letter.
14.6.5 Wat Paulus se oortuiging ten opsigte van homoseksualiteit betref, hoor ons soortgelyke geluide by moraalfilosowe uit die Hellenistiese Jodendom (Josephus en Philo) van sy tyd naamlik dat dit “teen – natuurlik” (**para fusin** Rom 1:26) is. Maar wat beteken “(teen)natuurlik” in 'n teologiese debat oor etiese aangeleenthede? Hier staan ons waarskynlik voor die belangrikste, maar ook die moeilikste kwessie in die hele diskussie. Enersyds moet gewaak word teen 'n “natuurlike teologie” waar uit die (empiriese) biologie afgelei word wat die wil van God vir ons lewe is; andersyds mag ons strand op die rots van ontkenning van die betekenis wat die skepping as werk van God vir ons etiese beslissings inhou.
14.6.6 Wat die verwarring vererger, is die feit dat ons die woord “natuurlik” op verskillende wyses gebruik. Soms beteken dit “normaal” in die sin van algemeen. Dit is dan 'n statistiese aanduiding vir die meerderheid van gevalle. In daardie sin is heteroseksualiteit beslis die normale, want dit kom ten minste in 'n verhouding van 10:1 voor. Maar wat statisties **normaal** is, is nog by verre nie moreel **normatief** nie. Dikwels word “natuurlik” egter juis gebruik in laasgenoemde betekenis naamlik as in ooreenstemming met die God-gewilde natuur. Die vraag is egter wat die God-gewilde natuur van die mens is en hoe ons dit te wete kom?
14.6.7 Die saak raak rampspoedig wanneer die derde wyse waarop ons die woord “natuur”

gebruik, ons by die beantwoording van hierdie vraag parte speel. Soms gebruik ons die woord "natuurlik" in die sin van die onpersoonlike, nie-menslike, biologiese natuur wat die mens inderdaad deel met die diere. Dit geld byvoorbeeld die biologiese seksdrif wat ons gemeenskaplik het met die diereryk. Dit beteken egter nie dat ons dus ons "natuurlike" luste mag laat botvier asof "natuurlik" sinononiem is met "normatief" nie. Vir etiese beslissings is dit noodsaaklik om wat **is** (die blote bestaan) te onderskei van wat **behoort**. Indien hierdie verskil verontagsaam word, kan dit gebeur dat die mens hom/haar "onmenslik" dit wil sê "dierlik" gedra, terwyl 'n dier self nie in hierdie sin van die woord in staat is om "dierlik" te wees nie.

14.6.8 Wat moreel waarlik "menslik" is, kan nie maar bloot afgelei word uit ons biologiese organisasie met die gepaardgaande vermoë tot voortplanting wat ons deel met die diere nie. Die gevaar bestaan by sowel die voorstanders as teenstanders van homoseksualiteit dat beide hulle standpunte probeer fundeer op 'n bloot naturalistiese redenasie. Sowel "monogame" as "promiskue" verhoudings tref ons aan in die diereryk. Dieselfde geld van hetero-en homoseksualiteit. "De conclusie moet luiden dat alle diersoorten onder bepaalde omstandigheden natuurlikerwijs 'homosexueel' gedrag vertonen. Dit gaat meestal zonder, maar soms met zaadlozing gepaard" (P Pronk). "Natuurlik" is klaarblyklik nie sondermeer dieselfde as "sedelik" nie. Ons drifte en luste na spys en drank, seks en spel wat ons deel met die diere en wat as sodanig goeie gawes is van die Gewer, moet op 'n menslike wyse benut word. Wanneer die gawes die Gewer verdring uit ons gedagtes, besit ons nie meer hierdie gawes nie, maar dit besit ons, dit wil sê ons is daarvan besete.

14.6.9 Dit blyk duidelik uit Rom 1. Die heidene dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper (vs 25). Dit is ten diepste waarom hulle so "dierlik" teenoor mekaar optree. Hulle behandel mekaar as dinge (objekte) en nie as persone (subjekte) nie. Hulle "natuurlike" optrede teenoor mekaar is juis daarom so "teen-natuurlik" want dit is in stryd met die natuur van die mens. Opvallend dat Paulus nie sê dat wat hulle doen sonde is omdat dit teen die natuur is nie, maar omgekeerd is hulle teen-natuurlike optrede vir hom die vrug van hulle sondige afval van die lewende God wat hulle verruil het vir die afgode. Ten diepste is sonde 'n godsdienstige begrip. Sonde is verset teen die konkrete Naam (Persoon) van God en nie teen 'n abstrakte, onpersoonlike "natuurwet" nie. Om jou rug te draai op God is die mees "teen-natuurlike" wat 'n mens wat geskape is na die Beeld van God, kan doen. "Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer" (vs 24). As kind van sy tyd kan Paulus die heidense homoseksuele dade nie anders sien as ongebreidelde wellus nie. Dit is die openbaring van 'n "skandelike drif" (vs 26) as simptoon van hulle God-verlatenheid.

14.6.10 Paulus kan soms die begrip "natuur" in 'n normatiewe betekenis gebruik, maar dan het dit nie by benadering die gelade betekenis wat dit in die "natuurlike teologie" het nie. In 1 Kor 11:14v lees ons: "Of leer ook die **natuur** (**fusis**) self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie, maar as 'n vrou lang hare dra, dit vir haar 'n eer is, omdat die lang hare vir haar gegee is as 'n bedekking?". Dit is skaars nodig om te sê dat ons hier kwalik die dra van kort hare vir die man en lang hare vir die vrou as 'n skeppingsordening (natuurwet) kan bestempel. Die Nuwe Vertaling lui dan ook: "Die **algemene opvatting** is tog dat dit vir 'n man nie eerbaar is om lang hare te dra nie…" Dit klop ook met die opvatting in die Oudheid waarvolgens haardrag en seksualiteit met mekaar in verband gebring is. Verre van 'n altyd geldende natuurwet, het ons hier klaarblyklik met 'n fatsoenlikheidsnorm wat destyds gegeld het, te make.

14.7 OORSAKE EN REDES

14.7.1 Die afgelope dekades is baie pogings aangewend om "homoseksualiteit" wetenskaplik te verklaar vanuit die biologie (endokrinologie, genetika) en sosiologie (konstruktiwisme). In hierdie verband moet ook die "nature – nurture" debat vermeld word. Dit hou verband met die vraag of daar so-iets soos konstitutiewe of kern homoseksualiteit bestaan waarby die betrokke persoon geen keuse het ten opsigte van sy/haar seksuele oriëntasie nie.

14.7.2 Hoe boeiend hierdie diskussie ookal is, val dit te betwyfel of dit ons enigsins help in ons

etiese beoordeling van die aangeleentheid. Net soos die teenstanders van homoseksualiteit dit as in stryd met die natuur afwys, funksioneer die beroep op die biologiese en sosiologiese wetenskappe meermale as 'n poging om aan te toon dat homoseksualiteit inderdaad “natuurlik” is en daarom geregverdig kan word.

14.7.3 Hoewel die wetenskap ons kan help om 'n etiese verskynsel beter te verstaan, het die etiek nie in die eerste instansie te make met onpersoonlike wetenskaplike **oorsake** nie, maar met persoonlike sedelike **redes**. Nie die (biologiese of sosiologiese) kousale verklaring van menslike gedrag (behaviour) is deurslaggewend nie, maar persoonlik-menslike motiewe wat dien as verklaring vir jou optrede, is eties uiters belangrik. Nie kousale oorsake nie, maar intensionele (doelgerigte) dade staan in diens van die sedelike vormgewing van ons bestaan. Vir etiese beoordeling is daarom nie biologiese of sosiologiese oorsake beslissend nie, maar wel spesifieke redes as verklaring van wat jy beoog met jou optrede.

14.7.4 Een so 'n rede vir seksuele omgang is byvoorbeeld die verwekking van kinders. Om so 'n rede te kan aanvoer, moet jy uiteraard ook goeie kennis dra van die oorsaak–gevolg relasie tussen wat jy doen en wat jy beoog. Die kousale verband tussen geslagsgemeenskap en swangerskap, kan as rede dien vir eersgenoemde as doelbewuste daad. Maar sou die verwekking van kinders die enigste eties aanvaarbare rede wees vir die beoefening van seks? Regverdig alleen maar die doel om kinders te verwek die daad van seksuele gemeenskap?

14.7.Indien die antwoord op die vorige vraag positief sou wees, impliseer dit dat seksuele genot, intimiteit, verlossing van jou eie eensaamheid, geborgenheid, uitdrukking van hartstogtelike liefde, ens sedelik onaanvaarbare motiverings is vir seksuele handelinge. Dit sou impliseer dat middele vir geboortebeperking afgewys moet word, asook seks tussen egpare wat nie kinders kan verwek nie, of tussen ouer persone wat nie meer biologies daartoe in staat is nie. Maar sou dit rym met die (G)gees van Paulus se seksuele adviese in 1 Kor 7, byvoorbeeld dat 'n man en vrou nie omgang met mekaar moet weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en dan net vir 'n bepaalde tyd? (vs 7). Of sy raad dat wanneer die seksuele begeerte te sterk is tussen twee verloofdes vir blywende onthouding, dit goed is om te trou? (vs 36). Uiteraard kan in 'n homoseksuele relasie geen kinders verwek word nie, maar impliseer dit dat die ander vrugte van die seksuele wat in heteroseksuele verhoudings aanvaarbaar is, in beginsel vir homoseksueles ontsê moet word? Of sou dit dalk wees dat seksuele dade tussen mense van dieselfde geslag altyd as skandelik beskou moet word omdat die ander altyd net as 'n objek (ding) behandel word en nie as 'n persoon (subjek) sodat beide persone se menslikheid deur die seksuele daad gedien word nie?

14.8 SEKS EN SONDE

14.8.1 Die tyd laat ons nie toe om meer volledig na die seksuele geskiedenis van die Westerse wêreld te verwys nie, maar tog moet daarop gewys word dat wat ons historiese wortels betref daar 'n noodlottige neiging was om seks in alle vorme en sonde te vereenselwig. Dit is in skrille kontras met die Bybel wat eintlik relatief min aandag aan die seksuele gee en heel onbevange daarmee as goeie gawe van God kan omgaan.

14.8.2 Weliswaar moet ernstig gewaak word teen 'n ongenuanseerde veroordeling van die kerk se houding teenoor die seksuele in die verlede. Ook hier moet in gedagte gehou word dat die perversie van die beste die slegste is (**perversio optimi pessima**). Die grootsheid van die seksuele gawe, maak dit vir sondige mense juis daarom so 'n buitengewoon groot versoeking. Deesdae bestaan daar 'n sterk neiging om die belangrikheid van die seksuele totaal te oorskat en selfs te verabsoluteer sodat dit afgodiese afmetings in beide die heteroseksuele en homoseksuele vorm aanneem. Tog moet ons in die debat in gedagte hou dat die misbruik nie die eties-verantwoordelike gebruik, ophef nie (**abusus non tollit usus**). In 1 Tim 4 word immers krasse woorde gebruik teen misleidende geeste wat leerstellings van bose geeste aanhang, skynheilige leuenaars wat afwysend gestaan het onder andere teenoor die huwelik (vss 1-3). Daarteenoor verklaar die skrywer: “Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die woord van God en deur die gebed

geheilig" (vs 4).
14.8.3 Grieks-gnostieke opvattinge het in die vroeë kerk dikwels 'n uiters nadelige rol gespeel in hulle beoordeling van die seksueel-erotiese. Daar is byvoorbeeld deur sommige geredeneer dat eers na die intrede van sonde en dood seksualiteit na vore gekom het om die voortgang van die menslike geslag moontlik te maak. Ander aanvaar dat ook sonder sonde daar menslike voortplanting sou wees, maar blykbaar sonder die daarmee gepaardgaande lusbelewing! Dit gebeur dan ook dat seksuele lus en erfsonde dikwels besonder nou verbind word. Verset teen sonde kom derhalwe baie naby aan verset teen seksualiteit. Die verband tussen sonde-seks-vroudood het 'n gevaarlike kombinasie gevorm. Dit is daarom verstaanbaar dat voortplanting dikwels as die eintlike regverdiging van die seksuele, wat insigself eintlik sleg is, gesien is. Die sedelike doel, moet dan die onsedelike handeling heilig. Kinders word hiervolgens nie uit liefde nie, maar bloot uit lus, gebore. Die histories hoë waarde wat enersyds geheg word aan huwelik en gesin, en die verheffing andersyds van die selibaat as onthouding van seks, hang waarskynlik saam. Dat daaruit gevolge moet voortvloei vir die beoordeling van homoseksualiteit, is sondermeer duidelik.

14.9 SEKSUALITEIT BINNE SAMEHANG

14.9.1 Dit is onmoontlik om homoseksualiteit op 'n sinvolle wyse in isolasie van seksualiteit as sodanig aan die orde te stel. Laasgenoemde is op sy beurt weer onlosmaaklik verbonde met 'n Bybelse Godsleer, skeppingsleer (wat mensleer insluit) en eskatologie (die leer van die voleinding). Leer en lewe vorm immers altyd 'n hegte eenheid. As geskape na die beeld van God (wat Liefde is, 1 Joh 4: 7), bestaan daar die nouste verband tussen Godsbeeld en mensbeeld. Voorts staan skepping nie los van geskiedenis en voleinding as die doel waarheen God met sy skepping op pad is nie.
Ook huwelik en seksualiteit, soos ons dit ken, behoort tot die bedeling wat verbygaan, maar is terselfdertyd 'n teken en vooruitwysing na daardie Toekoms waarin "die kinders van die opstanding" nie in die huwelik uitgegee word nie (Luk 20:34-36; Matt 22:30) omdat die werklikheid waarna dit verwys, naamlik "die bruilof van die Lam" (Op 19:7) dan aangebreek het. Dit relativeer ons aardse seksualiteit en gee dit terselfdertyd 'n glorie en samehang wat ons denke te bowe gaan, maar in die geloof bely word.
14.9.2 Van besondere gewig is die samehang, die orde of gelaagdheid van die verskillende aspekte van liefde wat wel onderskei, maar nie geskei kan word nie naamlik **sexus**, **eros**, **philia** en **agapè**. **Sexus** het te make met die biologiese gegewene van geslagtelikheid en die daarmee gepaardgaande lusbelewing. Opsigself genome verskil die mens hierin weinig van die dier. Opsigself gesien kom dit eintlik van onder die drumpel van ons menswees na bo en verbind ons met die diereryk. Wanneer daarom al die aksent op **sexus** en singenot geplaas word, word die mens minder as 'n mens. **Eros** sluit aan by **sexus**, maar gaan dit terselfdertyd te bowe. Dit sluit liggaamlike genot in, maar verdiep dit tot vreugde. Dit het te make met die onstilbare verlange na vervulling, na vrede, na stilte, na skoonheid, na geluk. Wanneer dit losgemaak word van die konkreetheid van die **sexus,** vervlugtig dit maklik tot 'n romantiese verliefdheid op (abstrakte) liefde as sodanig ten koste van die (konkrete) geliefde van vlees en bloed. Juis die konkreetheid van die geliefde met sy/haar spesifieke geestelike en liggaamlike behoeftes (onder andere ook ten opsigte van **sexus** en **eros**) vra om die **philia** wat gestalte aanneem as lojaliteit en trou in die daaglikse deelname aan die vreugdes en stryd van die lewe. Dit het die konnotasie van duursaamheid, sak sout saam opeet, beskutting en geborgenheid binne 'n veilige omheining waar ook die genot van die **sexus** en die vreugde van die **eros** kan gedy.
14.9.3 Al hierdie gestaltes van die liefde behoort tot "hierdie wêreld soos ons hom ken" wat besig is om verby te gaan (1 Kor 7:31). Van die waarheid dat man en vrou saam sal lewe sodat die twee een is (Ef 5:31) verklaar die volgende vers: **Hierin lê 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk**. Karl Barth kan dan ook na die huweliksverhouding verwys as die "klein geheimenis" wat heenwys na die "groot geheimenis" van ons lewe naamlik die bruilof van die Lam waarop ons wag. Dit beteken terselfdertyd 'n relativering van die huwelik sodat die **klein** geheimenis nie die **groot** geheimenis van ons bestaan moet word nie. Die seksuele, ook in die

mees gesublimeerde selfs godsdiensige gestaltes, kry dan afgodiese trekke. Die gawes kompeteer dan met die Gewer. In die lig van die komende Koninkryk kan Paulus by geleentheid selfs sê dat dié wat getroud is moet lewe asof hulle nie getroud is nie (1 Kor 7:29). Dit beteken geen vyandigheid teenoor die huwelik nie, maar 'n heerlike humorvolle relativering en bevryding daarvan. As behorende tot hierdie bedeling wys die huwelik vooruit na 'n toekomstige gemeenskap wat die huwelik te bowe gaan. Daarom is om getroud te wees ook geen voorvereiste om volkome mens te wees nie. Immers Christus self, die waaragtige mens, was nie getroud nie.

14.9.4 Daar is nog 'n vierde vorm van die liefde naamlik **agapè** wat, hoewel dit nie heeltemal pas in hierdie lewe nie, daarin neerdaal as vrug van die Gees (Gal 5:22) en sodoende ook al die ander gestaltes van die liefde, heilig. Terwyl die **sexus** van onder die drumpel van ons menslikheid vandaan kom en ons verbind met die diereryk, dring die **agapé** van bo die plafon ons werklikheid binne en gee ons deel aan die Godsryk. Dit is 'n liefde wat gemotiveer word nie deur die waarde van die ander nie, maar deur die nood en ellende, die siekte en sonde, die gebrek en broosheid van my naaste, binne en buite die huwelik. Dit hou stand ook wanneer die ander persoon menslik gesproke 'n las word, wanneer die skoonheid van die **eros** kwyn en die drif van die **sexus** verdwyn; wanneer die ander geen skuilplek meer vir my is nie, maar ek geroep word om 'n skuilplek te bied vir die ander. Hierdie Goddelike Liefde het konkrete gestalte aangeneem in die krip en aan die kruis waar die Seun gesterf het vir ons sonde en ellende. Dit is hierdie liefde van God wat deur die Heilige Gees as Tolk en Trooster, uitgestort is in ons harte (Rom 5:5).

14.9.5 Hoewel binne die morele orde die rigting van die **agapè** nie gerig is na bo nie, maar na onder; nie na wat kosbaar is nie, maar wat kwesbaar is; staan dit nie vyandig teenoor die ander vorme van liefde nie. Daarvan getuig onder andere die opname van die boek Hooglied in die kanon. Ook die **agapè** gaan met Goddelike hartstog en heilige vreugde gepaard. Die gelaagdheid van die liefde dui op 'n gerigtheid waarin ook die **sexus** as heenwysing kan dien na die hartstogtelike Liefde van die “jaloerse” God, wat sy volk (bruid) nie deel met die afgode nie. In die Ou Testament is “idolatry” en “adultery” dan ook ten nouste verbonde.

14.9.6 Terwyl die liefdesgebod die wese is van elke gebod van God omdat daarin die ware wese van die mens as beelddraer van God tot uitdrukking kom, moet die vraag gestel word of 'n homoseksuele relasie nie uitdrukking kan wees van die liefdesgebod nie? Oor die antwoord op hierdie vraag loop die opinies uiteen, maar is dit vir 'n heteroseksuele persoon moontlik om dit sonder meer te ontken? Sou die kerk in die beantwoording van hierdie vraag nie ten minste groot erns moet maak met die getuienis van homoseksuele lidmate vir wie die Christelike geloof ook kosbaar is nie? Of is dit ondenkbaar dat laasgenoemde moontlik kan wees?

14.10 MAAK DIT SIN OM TE PRAAT VAN 'n HOMOSEKSUELE "HUWELIK EN GESIN?"

14.10.1 Indien 'n homoseksuele verhouding wel uitdrukking kan wees van die Christelike liefde, plaas dit ons voor nuwe vrae. 'n Brandende kwessie is hoedat so 'n verhouding maatskaplik gestalte moet aanneem. Alle egte liefde soek na duursaamheid en daarom ook na institusionele vormgewing.

14.10.2 Ook waar eenstemmigheid bestaan dat aan duursame homoseksuele relasies een of ander vorm van regsgeldigheid verleen moet word, loop die opinies nog uiteen oor die aard daarvan. Sou ook hiervan gepraat kon word as 'n “huwelik” met dieselfde regte en voorregte daaraan verbonde of moet hier tog onderskeid gemaak word ook wat die kerklike inseëning betref? Die Lutherse biskoppe in Skandinawië het byvoorbeeld besluit dat “parish priests are free to use their liturgical imagination in this area – with one restriction: The worship, whether it is called intercession or blessing should not be designed in such a way that it might be confused with a marriage service nor should it express the idea that homosexual life together is an equal and alternative to heterosexual marriage.” Sommige dink hier aan 'n parallel met heteroseksuele pare wat nie tot 'n huweliksluiting oorgaan nie, maar tog in 'n vaste duursame verhouding wil lewe. Ook vir hulle word deesdae meer regsbeskerming bepleit sonder dat dit as huwelike beskou word. Dit is basies die posisie wat die protestantse kerke in Frankryk in 1998 ingeneem het. In elk geval is ons hier ver verwyder van die vroeëre situasie, wat nog steeds in sommige Afrika lande geld,

naamlik dat homoseksuele verhoudings deur die wet as strafbare oortredings beskou word.
14.10.3 Veral wanneer dit by die aanneming van (of kunsmatige inseminasie in geval van lesbiese pare met die oog op eie) kinders kom, voel sommige baie sterk daaroor dat 'n onderskeid tussen die huwelik tussen man en vrou en hierdie "regsooreenkoms van solidariteit" tussen hetero- en homoseksuele pare getref moet word. Dit hou verband daarmee dat die regte van kinders tans veel sterker figureer as voorheen en daar nog onduidelikheid bestaan oor die vraag of dit voordelig vir die kinders is om deur ouers van dieselfde geslag grootgemaak te word. Mens sou hier weliswaar kon dink aan die talle voorbeelde van enkel-ouer gesinne, maar ook dit word uiteraard nie as ideaal gesien nie. Wanneer die aanneming van kinders deur homoseksuele pare afgewys word, beteken dit waarskynlik nie dat daarmee die reg van sulke pare om sekere verantwoordelikhede ten opsigte van spesifieke kinders te aanvaar, ontken word nie ook al impliseer dit nie noodwendig 'n ouer-kind relasie nie. Dit is in elk geval duidelik dat hier nog ten minste heelwat dinkwerk vir die etiek voorlê.
14.10.4 Indien aan 'n homoseksuele verhouding regsgeldigheid verleen sou word, sonder om dit sondermeer as huwelik te bestempel, kan moontlik gedink word aan die verskillende verbondsrelasies wat ons in die Ou Testament aantref waarvan die huweliksverbond een was. Ook 'n vriendskapverhouding tussen persone van dieselfde geslag kon as verbond bestempel word wat in die teenwoordigheid van God gesluit word soos in die geval van Dawid en Jonatan. Daar is selfs al in die verlede pogings aangewend om hulle verhouding 'n homoseksuele karakter te gee, maar daar bestaan hoegenaamd nie genoegsame rede daarvoor nie. Nietemin word sterk woorde gebruik in 1 Sam 18:1 en 3 waar sprake is daarvan dat hulle mekaar liefgehad het soos vir hulleself. Mens kan ook dink aan Dawid se klaaglied na die dood van Jonatan (2 Sam 2:26): "Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou." Tereg wys F J Pop daarop dat hulle nie tevrede was om maar net in 'n wedersydse liefdesverhouding met mekaar te lewe nie, want in die verbond word hulle liefde opgehef tot 'n **regsverhouding** waardeur dit onttrek word aan die tydelike en vryblywende. Hy sien daarin niks minder nie as 'n parallel met die huwelik tussen man en vrou. Sou 'n mens dalk kan sê dat 'n permanente seksuele verhouding tussen mense van dieselfde geslag gesien kan word as in die verlengde van hierdie verhouding tussen Dawid en Jonatan?

14.11 AANBEVELINGS: HOMOSEKSUALITEIT
(Uit besluiteregister van Algmene Sinode)
12.11 HOMOSEKSUALITEIT (551: 14)
1. In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons ons nie langer sonder meer kan vereenselwig met die verslag, Homoseksualiteit. Wat sê die kerk (1986) nie. In die lig van voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat daar in die Kerk ernstige meningsverskil ontstaan het oor sy ingenome standpunt oor homoseksualiteit.
INTERPRETASIE VAN BESLUIT 1:
Die Algemene Sinode verstaan dit so dat hy met die aanvaarding van besluit 1 erken dat daar rede is om weer te besin oor sy standpunt oor homoseksualiteit. Alhoewel die besluit van 1986 geldig bly totdat dit herroep wod, bring die aanvaarding van die amendement mee dat daar 'n nuwe, oop situasie ontstaan het in afwagting op 'n standpunt by die volgende Algemene Sinode
2. Sonder miskenning van die feit dat daar in die samelewing verhoudings bestaan en tot stand kom tussen lede van dieselfde geslag, handhaaf die Sinode die standpunt dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou volgens ons verstaan van die Skrif as 'n huwelik beskou kan word.
3. Die Algemene Sinode erken met hartseer en berou dat ons in die verlede deur veroordelende gesindhede en liefdelose optrede 'n aandeel gehad het aan die vervreemding van homoseksuele gelowiges. Ons bevestig dat ons nie die integriteit van medegelowiges bloot op grond van 'n homoseksuele oriëntasie in twyfel wil trek nie. Graag verseker ons hulle van die NG Kerk se opregte pastorale bewoënheid en verklaar dat hulle hartlik welkom is in ons gemeentes.

4. Die Algemene Sinode waarsku in 'n tyd van seksuele losbandigheid met groot erns om die Godgegewe gawe van die seksualiteit te gebruik op 'n wyse wat die Gewer eer en ons medemens koester. Dit impliseer dat hetero_ en homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
5. Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die Kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie, asook gelowiges wat bely dat hulle deur God se genade van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek. Die Algemene Sinode versoek AKLAS om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig in die lewe van mens en maatskappy.
6. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers en kerkvergaderings om met groot omsigtigheid en respek teenoor alle medegelowiges die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode. Op almal wie se pad kruis met persone met 'n homoseksuele oriëntasie, word 'n beroep gedoen om hulle in die styl en gesindheid van Jesus Christus te aanvaar.

BYLAAG B: Verslag van ATLAS oor Homoseksualiteit aan die Algemene Sinode van 2014 (oorspronklike numerering behou)

4.1 Opdrag
Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die Kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie, asook gelowiges wat bely dat hulle deur God se genade van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek. Die Algemene Sinode versoek AKLAS om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig in die lewe van mens en maatskappy.

4.2 Agtergrond
Die saak van homoseksualiteit wat tans wêreldwyd in die brandpunt van kerklike gesprekke is, het in 1986 die eerste keer op die agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk verskyn. By hierdie Sinode is ‘n verslag “Homoseksualiteit: wat sê die Kerk?” deur die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) voorgelê en is sekere aanbevelinge as beleidstandpunt van die NG Kerk aanvaar. (Algemene Sinode 1986:355-363, 672). Die standpunt het onder andere behels dat homoseksualiteit in die lig van die Skrif beoordeel word as ‘n afwykende vorm van seksualiteit en dat homoseksuele praktyke en ‘n homoseksuele verhouding afgewys word as in stryd met die wil van God. Terselfdertyd word erkenning gegee vir die bestaan van wat genoem word “kern- of egte-homoseksualiteit” en beskryf word as “die gerigtheid op iemand van dieselfde geslag… (wat) nie net ‘n eenmalige veskynsel (is) nie, maar ‘n sekere duurte of patroonmatigheid (verkry) waardeur die persoon se optrede gekenmerk word”. Oor die besit van ‘n homoseksuele oriëntasie word daar geoordeel dat dit nie “summier tot persoonlike skuld gereken kan word nie” en daar word dan ook besluit dat “die homoseksuele lidmaat nie op grond van sy afwykende gerigtheid, as sodanig, die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê (mag) word nie”.
Sedert 1995 het die debat oor homoseksualiteit weer op verskeie wyses in die NG Kerk aan die orde gekom en het verskeie streeksinodes aan die saak aandag gegee. In die lig van die hernieude worsteling met die problematiek rondom homoseksualiteit het die Algemene Sinodale Kommissie

(ASK) die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) versoek om aandag aan die saak te verleen en om in 2002 aan die Algemene Sinode te rapporteer. Na aanleiding van die rapport het die Sinode besluit dat hy hom nie langer sonder meer kan vereenselwig met die beleidstandpunt van 1986 nie en dat daar rede is om weer te besin oor sy standpunt oor homoseksualiteit. Die Sinode dra dit dan ook aan AKLAS op om 'n grondige en omvattende studie oor homoseksualiteit te doen met die oog op die Algemene Sinode van 2004. AKLAS word spesifiek versoek om ook ander kommissies en deskundiges en veral ook lidmate met 'n homoseksuele oriëntasie, asook lidmate wat bely dat hulle van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek (Algemene Sinode 2002:624).

4.3 Begripsbepaling

Met die term *homoseksualiteit* word bedoel die emosionele en seksuele aangetrokkenheid tussen mense van dieselfde geslag (Du Plessis 1999:1; Anthonissen & Oberholzer 2001:35). Daarmee word dit onderskei van *heteroseksualiteit* wat verwys na die emosionele en seksuele aangetrokkenheid tussen persone van die teenoorgestelde geslag en *biseksualiteit* wat verwys na die emosionele en seksuele aangetrokkenheid tot persone van beide geslagte. 'n Redelik algemene siening onder kenners is dat seksuele oriëntasie as 'n posisie op 'n spektrum gesien moet word wat strek van algehele heteroseksualiteit tot algehele homoseksualiteit met verskillende grade van biseksualiteit tussenin (Joubert 1980:8-9; Kelsey & Kelsey 1999:63-65).

Met betrekking tot homoseksualiteit kan daar weer onderskei word tussen *egte homoseksualiteit* of *kern-homoseksualiteit* en verskillende variasies van *pseudo-homoseksualiteit* (byvoorbeeld nood-homoseksualiteit onder buitengewone omstandighede soos in gevangenisse en onder matrose wat vir lang tye ter see is, ontwikkelingshomoseksualiteit gedurende die fase van seksuele ontwaking tydens puberteit, mode-homoseksualiteit met die oog op aanvaarding binne 'n bepaalde groep en homoseksuele prostitusie wat dikwels deur andersins heteroseksuele persone bedryf word ter wille van geldelike gewin) (Botha 1980:8-9; Louw 1980:97; Heyns 1986:165). Thielicke gebruik die terme *endogene* en *konstitutiewe homoseksualiteit* met verwysing na wat hierbo egte of kern-homoseksualiteit genoem word (Thielicke 1978:282-284).

Daar is soms 'n neiging in die omgangsgebruik om van *homoseksualisme* te praat wanneer *homoseksualiteit* bedoel word. Dit moet as verkeerde taalgebruik afgewys word en veronderstel 'n lewensbeskouing waarin homoseksualiteit tot enigste geldende norm verabsoluteer word (Barnard 1998:3) . Sover vasgestel kon word, kom só 'n lewensbeskouing hoegenaamd nie onder homoseksuele persone voor nie.

Die term *gay* word toenemend gebruik, veral onder homoseksuele persone, as wisselvorm vir "homoseksueel", terwyl sommige homoseksuele vroue verkies om na hulleself te verwys as *lesbies.* (Du Plessis 1999:3). In hierdie verslag word die terme homoseksualiteit en homoseksueel met verwysing na persone van albei geslagte gebruik, sonder om daarmee alleen op die seksuele te fokus soos wat deur die term geïmpliseer kan word.

4.4 Bybelse perspektief

4.4.1 Skrifgebruik

Vir gelowiges in die Gereformeerde tradisie wat die Bybel beskou as die Woord van God wat op skrif gestel is met die bedoeling om as basisdokument vir ons geloof en lewe te dien (NGB Art 3 en 5), is dit van die allergrootse belang om oor alle etiese kwessies (insluitende dié van homoseksualiteit) te vra na die lig wat Bybelse gegewens daarop werp. Dit is egter net so belangrik dat daar op 'n verantwoordelike wyse van Skrifgegewens gebruik gemaak word.

Vir Gereformeerdes was dit nog altyd van belang om die Bybel nie te hanteer as 'n soort orakelboek wat sonder die toedoen van mense tot stand gekom het en wat bestaan uit 'n versameling tydlose uitsprake nie. Teenoor die *Fundamentalisme* (waar die Bybel op feitlik meganiese wyse met die Woord van God vereenselwig word) word die standpunt gehandhaaf dat die Bybel 'n menslike boek is met 'n menslike en historiese karakter, met die implikasie dat die

Bybelse geskrifte met inagneming van die historiese en kulturele gesitueerdheid daarvan bestudeer moet word. Terselftertyd word daar teenoor die *radikale Skrifkritiek* die standpunt gehandhaaf dat daar ook ‘n bepaalde identiteit is tussen hierdie menslike woord en die Woord van God, wat impliseer dat hierdie versameling geskrifte volledig deur God in gebruik geneem word met die oog op sy heilvolle kommunikasie met mense (vgl die rapport “Skrifgesag en Skrifgebruik”, Algemene Sinode 1986:55-58).

In die voortgaande proses van Skrifuitleg moet daar voortdurend gepoog word om die bedoeling van die teks vas te stel. Dit vereis onder andere deeglike kennis van die historiese en kulturele konteks waarin ‘n bepaalde Skrifgedeelte tot stand gekom het en waarbinne dit tot die oorspronklike lesers gespreek het.

Voorts moet daarteen gewaak word om enkele tekste op atomistiese wyse te hanteer, dit wil sê sonder inagneming van die literêre konteks waarbinne dit staan. Die literêre konteks wat by die uitleg van tekste ter sprake is, is nie net die kleiner literêre eenheid nie, maar sluit uiteindelik die konteks van die Bybel as geheel in. Daarom is dit belangrik dat daar noukeurig gekyk sal word na die manier waarop ‘n bepaalde teksgedeelte inpas by die geheelboodskap van die Bybel (Anthonissen & Oberholzer 2001:119-120).

Wanneer dit gaan oor die totaliteit van die Bybel as die literêre konteks waarbinne tekste verstaan moet word, is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat alles wat in die Bybel staan, nie dieselfde waarde en betekenis het nie. In Gereformeerde kringe is dit gebruiklik om te onderskei tussen die *sentrum* en die *periferie* van die Bybel. Calvyn sê in dié verband: “daar (is) hoofsake van die leer… wat vas moet bly staan… Maar daar is ander waaroor daar verskil tussen die kerke is maar wat tog nie die eenheid van die geloof verskeur nie. Dit is middelmatige sake” (Calvyn, Institusie IV/1/12), terwyl Bavinck hom soos volg uitlaat: “Ook in de Schrift ligt niet alles even dicht om het centrum geschaard; er is eene peripherie, die wijd om het middelpunt zich heen beweegt” (Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek, Deel 2:409) en Heyns dit soos volg stel: “Wie die sentrum en die periferie nie onderskei nie, maar dit met mekaar verwissel, sal in die waan van gehoorsaamheid die boodskap van die Skrif mis” (Heyns 1976:95).

Daar is redelike eenstemmigheid onder Reformatoriese teoloë dat *God se openbaring in Jesus Christus* die sentrum is van waaruit die geheel en die onderdele van die Bybel verstaan moet word (De Gruchy 1997:250; Anthonissen & Oberholzer 2001:116). Ware kennis van God en van sy handelinge met die mens word in Christus ontsluit. Nie alles in die Bybel staan ewe naby aan hierdie sentrum nie: sommige staan nader en ander verder weg. By implikasie is sekere sake in die Bybel só tydgebonde en só naby aan die periferie, dat dit nie meer op presies dieselfde wyse geldingskrag het as sake wat digter by die sentrum lê nie (Heyns 1976:90-94).

Waar dit gaan oor Skrifberoep in die etiek, is hierdie onderskeiding tussen sentrum en periferie van besondere belang. Die hoofsaak van waaruit etiese beslissings moet geskied, is nie in die eerste plek individuele wetsbeslissings wat in die Bybel opgeteken is nie, maar die dubbele *liefdesgebod* wat deur Jesus Christus self as die sentrum van die wet aangedui is (Matt 22:37-40) en wat soos volg deur Paulus verwoord word: “Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.” (Gal 5:6). Ook in die etiese beoordeling van homoseksualiteit is hierdie die sentrale maatstaf wat aangelê moet word: of dit wat beoordeel word, beantwoord aan die eise van die liefdesgebod (Wink 1999:44-48).

Uitleg en toepassing van die Skrif moet ten slotte ook rekening hou met die konteks en leefwêreld van die moderne leser. Tussen die tyd waarin die Bybelskrywers geleef het, en die wêreld van vandag lê daar nie net ‘n lang tydsverloop nie, maar ook ‘n omvangryke ontwikkeling en toename in wetenskaplike kennis. Daar was by Gereformeerdes nog altyd ‘n openheid om in die voortgaande proses van Skrifuitleg rekening te hou met nuwe insigte wat van buite die Bybelwetenskappe na vore gekom het en ook ‘n bereidwilligheid om hierdie nuwe insigte te akkomodeer selfs waar dit in stryd is met sekere voorwetenskaplike uitsprake in die Bybel (vgl byvoorbeeld die bereidwilligheid om nuut te dink oor kwessies soos evolusie, slawerny en die posisie van die vrou). Van Gereformeerdes is nog nooit verwag om te aanvaar dat die aarde plat is

en dat reën deur vensters in 'n hemelkoepel op die aarde val net omdat dit in die Bybel staan nie. Daar word geredelik aanvaar dat die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is nie en dat dit nie sondermeer gebruik kan word vir die oplossing van eietydse sosiale, ekonomiese of politieke vraagstukke nie (vgl Kerk en Samelewing 1990:4). Vir die onderhawige kwessie impliseer dit dat wetenskaplike insigte oor homoseksualiteit saam met Bybelse gegewens ernstig opgeneem behoort te word in die besinning van die kerk (Wink 1999:46).

4.4.2 Die verwysing na spesifieke tekste

Die tekste wat oor die algemeen in die debat rondom die Bybelse beoordeling van homoseksualiteit gebruik word, is die volgende: Genesis 1:27-28, Genesis 2:18-25, Genesis 19: 1-29, Levitikus 18:22 en 20:13, Romeine 1:18-32, I Korintiërs 6:9 en I Timoteus 1:10. Daar bestaan egter min konsensus oor die betekenis van hierdie tekste en hulle toepaslikheid met betrekking tot die beoordeling van homoseksualiteit vandag (Germond 1997:212).

Aan die een kant is daar persone wat die genoemde tekste beskou as verwysings na die verskynsel van homoseksualiteit as sodanig en dit derhalwe interpreteer as 'n duidelike aanduiding dat die Bybel 'n sterk negatiewe oordeel daaroor uitspreek.

Aan die ander kant is daar persone wat dieselfde tekste beskou as verwysings na spesifieke, geperverteerde vorme van homoseksualiteit (byvoorbeeld verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pederastie) en op grond daarvan aanvaar dat dit nie as veroordeling van homoseksualiteit as sodanig beskou kan word nie.

Om 'n aanduiding te gee van hoe hierdie tekste aan verskillende kante van die debat hanteer word, word vervolgens 'n kort samevatting van verskillende uitlegmoontlikhede ten opsigte van elkeen van die genoemde tekste gegee. Dit is belangrik om daarop te let dat die gesprek meer veelvoudig en ingewikkeld is as wat in hierdie kort oorsig weergegee kan word.

Genesis 1: 27-28

Aan die een kant van die debat word die skepping van die mens in hierdie gedeelte beskou as die totstandkoming van 'n bepaalde skeppingsordening. God het die mens as man en vrou geskape (vs 27) en aan hulle die opdrag gegee tot voortplanting (vs 28). As skeppingsordening moet dit gesien word as uitdrukking van God se ewig geldende wil en daarom as normatief vir die inrigting van menslike seksuele omgang in die samelewing. In die lig van die feit dat homoseksualiteit nie beantwoord aan die voortplantingsdoel waarmee God die mens geskep het nie, moet dit beskou word as 'n perverse afwyking van die God-gewilde skeppingsorde (Wenham 1991:369-363). Op grond van hierdie interpretasie van Gen 1:27-28 is daar tot 'n groot mate in die Joods–Christelike tradisie die opvatting dat daar geen ander verhouding is waarbinne die seksuele verhouding gereël word as die tussen man en vrou waarbinne kinders gebore en opgevoed word nie.

Aan die ander kant word daarop gewys dat dit in die skepping van die mens as man en vrou in vs 27 nie in die eerste plek oor die seksualiteit van die mens gaan nie, maar oor die feit dat beide man en vrou na die beeld van God geskape is en dat die vrou dus nie 'n minderwaardige wese in vergelyking met die man is nie. Daar word verder aangetoon dat vs 28 nie 'n *opdrag* tot voortplanting en vermeerdering is nie, maar die toesegging van 'n *seën* aan die mensdom (Von Rad 1972:60; Germond 1997:198). Indien dit as 'n opdrag beskou moes word, sou dit die onhoudbare situasie skep dat kinderlose egpare en mense wat nooit trou nie (soos Jesus en Paulus!), 'n ewig geldende ordening van God oortree (Wink 1999:41; Anthonissen & Oberholzer 2001:126). Dit sou ook beteken dat die gebruik van voorbehoedmiddels tydens seksuele omgang, selfs in die huwelik, teen die wil van God is (wat trouens die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk is). Omdat die vraagstuk van heteroseksualiteit teenoor homoseksualiteit glad nie in hierdie gedeelte ter sprake kom nie, word dit ten slotte as twyfelagtig beskou om dit as bewysmateriaal in die gesprek hieroor aan te wend (Germond 1997:198).

Genesis 2: 18-25

Aan die een kant van die debat word die skepping van man en vrou in hierdie tweede skeppingsverhaal, soos in die geval van die verhaal in Genesis 1, gesien as die totstandkoming van

die heteroseksuele man-vrou-verhouding as 'n universeel geldende skeppingsordening. God het man en vrou as aanvulling vir mekaar geskep en hierdie skeppingsdoel van God kan slegs verwesenlik word wanneer man en vrou in 'n verhouding van wedersydse aangetrokkenheid saamgroei tot een. Hieruit word gekonkludeer dat waar geslagsgemeenskap losgemaak word van die verhouding tussen man en vrou, sedelike ontaarding plaasvind (Louw 1980:118).

Aan die ander kant word daarop gewys dat dit in hierdie gedeelte weereens nie gaan oor die totstandkoming van die heteroseksuele verhouding tussen man en vrou as algemeen geldende norm nie, maar oor die vraag wat die oorsprong van die seksuele aantrekkingskrag tussen man en vrou is (Von Rad 1972:84-85). Teenoor die heidense natuurgodsdienste wat seksualiteit beskou as 'n vitale krag wat opkom uit die natuur en wat gebruik kan word om die gode te manipuleer, word seksualiteit in hierdie gedeelte as 'n gawe uit die hand van God gesien wat bedoel is om die alleenheid van die mens te besweer deur aan hom (én haar) die moontlikheid van intieme kameraadskap met 'n medemens te bied. Die klem in hierdie gedeelte lê nie op die *onderskeid* tussen man en vrou nie, maar eerder op hulle *eendersheid*. Kameraadskap en wedersydse aangetrokkenheid is moontlik, nie omdat hulle van mekaar verskil nie, maar omdat hulle deel het aan 'n gemeenskaplike menswees (Germond 1997:199) (vgl vs 23: 1953-vertaling: "been van my gebeente en vlees van my vlees"; NAV: "een uit myself, een soos ek"). Alhoewel die differensiasie tussen man en vrou in hierdie gedeelte berus op die veronderstelling dat heteroseksualiteit die algemene grondpatroon van seksuele omgang tussen mense is (Van Gennep 1972:66), word dit (heteroseksualiteit) egter nie voorgehou as 'n skeppingsordening wat normatief vir alle situasies geld nie.

Genesis 19: 1-29

Aan die een kant van die debat word die standpunt gehandhaaf dat die toorn van God wat gelei het tot die verwoesting van Sodom, direk verband hou met die pogings tot gemeenskap tussen mense van dieselfde geslag (Bahnsen 1978:34) en dat die verhaal in Genesis 19 dus gesien moet word as 'n aanduiding van die totale negatiewe beoordeling van homoseksualiteit in die Ou Testament (Ukleja 1983:259). Die feit dat die manlike bevolking van die stad seksuele omgang met die twee engele wat by Lot aan huis was, wou hê, word beskou as die een enkele gruweldaad wat aanleiding gegee het tot die Here se besluit om die stad te vernietig. Die verhaal moet op grond hiervan beskou word as 'n ernstige waarskuwing oor die rampspoedige gevolge wat dié tipe dade kan hê (Van de Spijker 1961:100-101). Gemeenskap tussen mense van dieselfde geslag word dus volgens hierdie interpretasie negatief en as 'n ernstige vergryp beoordeel.

Aan die ander kant word daarop gewys dat daar in die verhaal van Genesis 19 nie sprake is van homoseksualiteit as sodanig nie, maar van 'n poging tot homoseksuele *verkragting* deur die manlike (waarskynlik oorwegend heteroseksuele) bevolking van die stad Sodom (Louw 1980: 104; Germond 1997:214; Sehested 1999:54-55). Dit word bevestig deur die verwante verhaal in Rigters 19 waar 'n groep mans dit nie regkry om seksuele verkeer met 'n Leviet te hê nie en dan sy byvrou op so erge wyse verkrag dat sy daarvan beswyk. Voorts word daarop gewys dat dit in albei verhale gaan oor die gruwelike skending van die oud-Oosterse gasreg wat vereis het dat vreemdelinge met die uiterste gasvryheid ontvang moes word (Von Rad 1972:218; Louw 1980: 104; Brink 1992:57-58).

Daar word verder ook daarop gewys dat nie een van die verwysings na Sodom in die res van die Bybel melding maak van die vermeende homoseksualiteit van die inwoners van die stad as oorsaak vir die verwoesting daarvan nie (Thielicke 1975:277; Sehested 1999:55). In Esegiël 16: 49-50 word die sonde van Sodom byvoorbeeld beskryf as hoogmoed en 'n sorgelose materialisme waarin daar geen plek was vir barmhartigheid aan die mens in nood en die arme nie (Louw 1980:104); in Jesaja 1:10-17 word dit in verband gebring met sosiale onreg (McNeill 1976: 57); in Lukas 10:10-13 verbind Jesus dit met die ongasvrye ontvangs wat die draers van die evangelieboodskap te beurt mag val, en in Judas vers 7 word die aard van die sonde aangedui as die begeerte van *mense* om omgang te hê met *hemelse wesens* (McNeill 1976:81-82); in 2 Petrus 2:7 word daar in die algemeen na die sonde van Sodom verwys as "die losbandige lewenswyse

van sedelose mense". Dit is eers in die na-Bybelse Joodse en Christelike tradisie dat daar sprake is dat die lot van Sodom die gevolg is van die homoseksuele optrede van die bevolking: in die Joodse tradisie kom die gedagte die eerste keer by Philo en Josefus voor en in die Christelike tradisie by die kerkvaders Klemens van Alexandrië, Johannes Chrysostomos en Augustinus (McNeill 1976:83-85).

Levitikus 18: 22 en 20: 13

Aan die een kant van die debat word hierdie twee verse as van die duidelikste aanduidings in die Ou Testament gesien dat geslagsgemeenskap tussen mans onderling verbied word (Atkinson 1979:91). Dit word afgelei uit die feit dat dit as 'n walglike en haatlike daad (*tô'evâ,* NAV: "gruwelike sonde") beskryf word. Die grond vir die skerp veroordeling en die streng strafbepaling (Lev 20:13: doodstraf vir albei betrokke partye), het volgens hierdie beskouing te doen met die beskerming van seksualiteit in sy "heteroseksuele bestemmingsfunksie tussen man en vrou" (Louw 1980:106-107). Dit is wel opvallend dat daar by nie een van die outeurs wat hierdie twee gedeeltes as 'n letterlike veroordeling van homoseksualiteit beskou, 'n aandrang is dat die strafbepaling van 20:13 ook letterlik toegepas moet word nie (Van Gennep 1972:65; Wink 1999: 35). In die Rabbynse tradisie is hierdie uitsprake klaarblyklik nie met verwysing na tempelprostitusie verklaar nie, maar is dit beoordeel as gedrag wat neerkom op die beoefening van seksdade tussen mense van dieselfde geslag.

W. F. Albright (1957:423) wys daarop dat "toevah" in Hebreeus die teenoorgestelde van reinheid beteken. Mans wat met mans seksueel verkeer soos mans met vroue verkeer, is met ander woorde die teenoorgestelde van rein. Die begrip word 6 keer in Levitikus gebruik (18:22, 26, 27, 29, 30; 20:13). Hier word dit ook gebruik vir immorele seksuele handelinge van die heidense volke rondom Israel. Ons vind die begrip ook dikwels in Deuteronomium, Esegiël en Spreuke. In Deuteronomium het dit alles te doen met optrede wat die eer en heiligheid van God aantas. Dieselfde geld ook vir Spreuke. In Esegiël word dit onder andere weer vir ongepaste seksuele handelinge (22:11; 33:26) en immoraliteit (18:12, 13, 24) gebruik.

Aan die ander kant word daarop gewys dat hierdie twee gedeeltes waarskynlik nie oor homoseksualiteit as sodanig handel nie, maar oor bepaalde tipe homoseksuele dade, naamlik oor *kultiese tempelprostitusie* wat algemeen in die Kanaänitiese vrugbaarheidsrituele beoefen is. Bevestiging hiervoor word gevind in die betekenis van die term *tô'evâ* wat in kultiese kontekste dui op iets wat in rituele sin uiters ongewens is omdat dit verband hou met afgodiese godsdienstige praktyke (Collins 1977:162; Maarsingh 1980:157-158: Sehested 1999:56). Die term het slegs in nie-kultiese kontekste die oordragtelike betekenis van iets wat moreel of oor die algemeen ongewens is (Koehler & Baumgartner 1958:1022). Dieselfde term *tô'evâ* word ook in Deuteronomium 23:18 gebruik, waar dit ook gaan oor die verbod op (homo- én heteroseksuele) tempelprostitusie. (Dit is interessant om daarop te let dat die term in die Deuteronomiumteks van die NAV egter nie met "afstootlike sonde" vertaal word soos in die geval van Levitikus nie, maar met "die Here het 'n afkeer aan hierdie dinge"). Die saak wat volgens hierdie siening in die twee Levitikustekste afgewys word, is klaarblyklik dus nie seksuele verkeer as sodanig nie, maar seksuele verkeer in die kultiese samekoms met die oog daarop om God te manipuleer om vrugbaarheid aan die individu en die gemeenskap te skenk. Die bedoeling is om te sê dat sulke seksuele dade, of dit nou homoseksueel of heteroseksueel is, nie tuishoort in die erediens van Israel nie.

Die kultiese aard van die verbod in hierdie twee gedeeltes word volgens hierdie siening verder bevestig deur die konteks waarin dit voorkom, naamlik die sogenaamde "Heiligheidsboek" (Levitikus 17-26) waar allerlei rituele reinheidreëlings aangetref word, wat nie as moreel-etiese uitsprake bedoel is nie, maar as maatreëls om die reinheid van die Israelitiese kultus te verseker (Germond 1997:218). Ander bepalings in hierdie groter konteks wat ook te doen het met rituele reinheid, is byvoorbeeld die verbod op die eet van bloederige vleis (Lev 17:10 ev); die verbod op fisiese kontak met 'n menstruerende vrou (Lev 18:19); die verbod op die kruisteling van diere, die plant van verskillende soorte saad in dieselfde akker en die dra van klere wat van verskillende

soort materiaal gemaak is (Lev 19:19); die verbod op die knip van die hare voor die ore en die wangbaard en die aanbring van tatoeëermerke (Lev 19:28), en die verbod op gestremdes om as ampsdraers in die erediens op te tree (Lev 21:17-21) (Sehested 1999:56).

Romeine 1: 26-27

Aan die een kant van die gesprek word hierdie twee verse beskou as die duidelikste bewys dat die Bybel geheel en al teen homoseksuele gedrag gekant is: dit word beskryf as die manifestasie van "skandelike drifte" en as "teen die natuur" (*para fusin*). Laasgenoemde uitdrukking word in hierdie interpretasie beskou as 'n verwysing na God se skeppingsorde, met die implikasie dat dit wat *para fusin* is, in stryd met God se skeppingsbedoeling is (Cranfield 1975:125-126). Paulus se hoofargument in die groter gedeelte waarbinne hierdie twee verse voorkom (Rom 1: 18-32), is dat die sondeverval in die heidense wêreld teruggevoer kan word tot die basissonde dat die ware God nie geëer en gedien word nie (vs 20-21). Dit manifesteer in die eerste plek in die dien van afgode (vs 23), maar gee ook aanleiding tot totale verwildering oor die hele spektrum van die mens se lewe (vs 24-31) en het as uiteindelike resultaat die dood (vs 32). Homoseksualiteit word binne hierdie raamwerk dus uitgebeeld as simptoom van die ontaarding van die mens wat weier om die een ware God te dien (Louw 1980:113-114).

Om die betekenis van Romeine 1 te begryp is dit verder nodig om die groter konteks van Romeine en Paulus se denke in ag te neem. Paulus het in terme van twee bedelings gedink, die een sonder Christus en die ander as die bedeling wanneer 'n mens tot geloof in Christus kom. Romeine 1 is deel van die bedeling voor Christus, vanaf 3:21 word die bedeling in Christus beskryf. In 6:1 word gevra of mense maar kan aanhou sondig, dus voortgaan met die gedrag wat in 1:18-3:20 beskryf word en die antwoord is duidelik nee. Indien homoseksuele gedrag aanvaar word, sou dit beteken dat gedrag voor daar tot geloof in Christus gekom word aanvaarbaar is wanneer mense in die geloof lewe. Dit sou strydig wees met wat die Bybel ons in die boek Romeine leer en dit sou ook strydig wees met die wyse waarop Paulus die evangelie verstaan het.

Aan die ander kant is daar uitleggers wat meen dat Paulus waarskynlik nie na homoseksualiteit as sodanig verwys nie, maar na spesifieke vorme daarvan wat in die Grieks-Romeinse wêreld van destyds bekend was (Scroggs 1983:84, 114-117; Germond 1997:227). Daar word daarop gewys dat die konteks waarin die verse voorkom, 'n skerp veroordeling is van die destydse (nie-Joodse) heidendom wat deur Paulus in terme van goddeloosheid, ongeregtigheid en die verering van afgode in plaas van die een, ware God getipeer word. Ná hierdie veroordeling (vs 20-23) volg 'n beskrywing van *algemene* seksuele losbandigheid in die heidense wêreld (vs 24-25) en daarna 'n beskrywing van spesifiek *homo*seksuele losbandigheid (vs 26-27). Dat Paulus in albei gevalle 'n beskrywing van *losbandigheid* in gedagte het, blyk uit die terminologie wat hy gebruik: "sedelike onreinheid" en "ontering van die liggaam" met verwysing na seksuele wangedrag in die algemeen, en "skandelike drifte" (*pathé atimias*) en "brand van begeerte" met verwysing na homoseksuele wangedrag. Veral die gebruik van die Griekse term *pathé* (hier in die meervoud, in die NAV vertaal met "drifte") is van belang, aangesien dit heel spesifiek verwys na onbeteuelde passie of wellus. Wat *pathos/pathé* onaanvaarbaar maak, is nie die feit dat dit in 'n spesifieke geval (soos in vs 26) in homoseksuele gedrag manifesteer nie, maar dat dit onbeteuelde wellus is wat ook onaanvaarbaar is wanneer dit in heteroseksuele gedrag manifesteer. Net soos wat die skerp oordeel oor seksuele losbandigheid in die algemeen (soos in vs 24-25) nie beteken dat seksualiteit as sodanig daarmee as sondig afgewys word nie, hoef die skerp oordeel oor homoseksuele losbandigheid in vs 26-27 ook nie sondermeer as 'n veroordeling van homoseksualiteit as sodanig geïnterpreteer te word nie.

Daar word ook deur sommige persone daarop gewys dat die term *fusis* elders by Paulus nie as 'n verwysing na die skeppingsorde gebruik word nie, maar as 'n verwysing na die algemeen gangbare orde van sake volgens die sosiale norme en kodes van die samelewing (Germond 1997:226; Du Toit 2001:8). Dit is byvoorbeeld hoe die term in 1 Korintiërs 11:14 gebruik word, waar gesê word dat dit teen "die algemene opvatting" (*fusis*) is vir 'n man om lang hare te hê – 'n uitspraak wat tog nie beteken dat lang hare by 'n man teen God se skeppingsbedoeling is nie (Zijlstra 1984:59;

Smedes 1999:80). Wat Paulus, volgens hierdie interpretasie, in gedagte het, is dus nie noodwendig dat sekere soort seksuele gedrag teen God se skeppingsbedoeling is nie, maar moontlik bloot dat dit nie in ooreenstemming is met die sosiale kodes en norme van die destydse Joodse samelewing nie.

1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1: 10

Aan die een kant van die gesprek word aanvaar dat die terme *malakoi* en *arsenokoitai* in hierdie teksgedeeltes te doen het met homoseksualiteit in die algemeen en onderskeidelik dui op die passiewe en die aktiewe party in 'n homoseksuele verhouding (Barrett 1968:140). Ook in die NAV word dit as 'n algemene verwysing na homoseksualiteit geïnterpreteer en vertaal as "mense wat homoseksualiteit beoefen". Die feit dat dit in die konteks verskyn van kategorieë mense wat in die gemeente van Korinte geduld word en wat die sedelike gehalte van die gemeente ondermyn (Scroggs 1983:103), dui volgens hierdie interpretasie daarop hoe negatief Paulus oor die verskynsel van homoseksualiteit geoordeel het.

Aan die ander kant is daar uitleggers wat meen dat die twee terme waarskynlik nie na homoseksuele optrede in die algemeen verwys nie, maar dat dit onderskeidelik betrekking het op mans of seuns wat hulleself seksueel laat misbruik, onder andere as manlike prostitute (Arndt & Gingrich 1957:489; Scroggs 1983:106), en persone wat jong seuns seksueel misbruik (Arndt & Gingrich 1957:109; Ridderbos 1967:34; Scroggs 1983:108). Volgens hierdie uitleg moet die verwysings veral verstaan word teen die agtergrond van die praktyk van *pederastie* wat destyds redelik algemeen in die Grieks-Romeinse wêreld voorgekom het. Dié praktyk het behels dat 'n volwasse persoon benewens sy eie huwelik 'n verhouding met 'n minderjarige seun aangeknoop het, onder andere met die oog op begeleiding tot volwassenheid, maar waarin seksuele bevrediging gewoonlik ook 'n belangrike rol gespeel het (Louw 1980:115; Scroggs 1983:18; Anthonissen & Oberholzer 2001:137-138).

Daar is ook persone wat meen dat die twee terme hoegenaamd niks met homoseksualiteit te doen het nie, maar as algemene terme vir seksuele losbandigheid verstaan moet word. Die grond wat hiervoor aangevoer word, is dat genoemde terme nooit in die Patristiese of latere kerklike literatuur met verwysing na homoseksuele dade gebruik is nie, maar eers in die 13e eeu deur Tomas van Aquino in dié verband gebruik is (Germond 1997:224-225).

Hoe die tekste ook al geïnterpreteer word, bly dit opvallend dat die aantal direkte verwysings na homoseksualiteit relatief min is (Myers 1999:67) en 'n baie smaller basis vir beoordeling bied as byvoorbeeld die verwysings in die Bybel na die onderhorige posisie van die vrou met betrekking tot die man en na die vanselfsprekendheid waarmee die praktyk van slawerny as normaal aanvaar is. Die feit dat albei laasgenoemde kwessies deur die kerk as kultuurgebonde en nie geldend vir alle tye nie beoordeel word, ten spyte van duidelike Bybelse uitsprake daaroor, maan ten minste tot versigtigheid in die gebruik van genoemde tekste by die beoordeling van die kwessie van homoseksualteit.

4.5 Breër bybelse verbande

4.5.1 Die Bedieningspatroon van Jesus

***1 Inleidend**

Daar is reeds elders in hierdie verslag daarop gewys dat God se openbaring in Jesus die sentrum is van waaruit die geheel en die onderdele van die Bybel verstaan moet word. Dit beteken dat die lewensverhaal en bedieningspatroon van die historiese Jesus die sentrale uitgangspunt is vir die verstaan van God se handelinge met die mens en dat dit ook die grondpatroon bied waarvolgens volgelinge van Jesus hulle eie optrede teenoor ander mense inrig.

***2 Matteus 19: 11-12**

In dit wat oor die lewe van Jesus in die evangelies opgeteken is, is daar geen direkte uitsprake wat verband hou met die verskynsel van homoseksualiteit nie. Die naaste wat daaraan gekom word, is die moeilik verstaanbare gedeelte in Matteus 19:11-12. In die loop van 'n gesprek oor die huwelik en egskeiding, maak Jesus die opmerking dat dit nie vir alle mense moontlik is om nie te trou nie,

maar net vir die "aan wie dit gegee is" (vs 11). Dan noem hy drie kategorieë mense vir wie dit wel "gegee" is om nie te trou nie: diegene wat "van hulle geboorte so is", ander wat "deur mense so gemaak" is, en ander wat "self so gekies het ter wille van die koninkryk van die hemel". Vir al drie hierdie kategorieë mense gebruik Jesus die term *eunougoi* wat letterlik beteken "eunugs" of "ontmandes". Die bedoeling van Jesus met die laasgenoemde twee kategorieë is redelik voor die handliggend: dit gaan oor mense wat fisies gekastreer is, en mense wat vrywillig besluit om die selibaat te beoefen (Arndt & Gingrich 1957:323-325). Jesus se bedoeling met die eerste kategorie (mense wat "uit die skoot van die moeder" ontmandes is), is minder duidelik. Wat egter wel opvallend en betekenisvol is, is dat Jesus hiermee op simpatieke en nie-veroordelende manier verwys na mense wat "anders" is as dit wat oor die algemeen gangbaar is (McNeill 1978:75-76).

***3 Jesus en die gemarginaliseerdes van die samelewing**

Een van die sentrale kenmerke van Jesus se bedieningspatroon is die wyse waarop Hy uitgereik het na die mense wat in die destydse samelewing gemarginaliseer is, en hulle ingesluit het by die nuwe gemeenskap wat rondom Hom tot stand gekom het (Bosch 1996:18; Wink 1999:47). In sy ontmoeting met konkrete mense wat deur bepaalde kategorieë van uitsluiting geraak is, het Jesus telkens daardie kategorieë uitgedaag en in die proses opgehef.

Die agtergrond waarteen hierdie optrede van Jesus gesien moet word, is die Joodse religieuse sisteem van destyds wat gebou was op 'n streng gereguleerde stelsel van rituele reinheid met daarmee gepaardgaande kategorieë van uitsluiting en insluiting. Die resultaat van hierdie sisteem was verskeie groepe gemarginaliseerde persone aan wie volle deelname aan die sosiale en godsdienstige lewe van die samelewing ontsê is. Dit is juis hierdie gemarginaliseerdes met wie Jesus hom telkens vereenselwig en in die proses in botsing kom met die Joodse establishment van sy tyd (Germond 1997:204-205). Talle voorbeelde hiervan kan opgenoem word: in Markus 1:40-44 word vertel van 'n melaatse met wie Jesus te doen gekry het en na wie toe Hy sy hand uitgesteek het en hom aangeraak het ten spyte van die feit dat Hy volgens die rituele bepalings daardeur verontreinig is (vgl ook Matt 8:1-4; Luk 17:11-19); in Matteus 9:20-22 tref ons die verhaal van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en daarom as onrein beskou is; ten spyte daarvan dat enige fisiese kontak met haar vermy moes word as gevolg van haar rituele onreinheid, laat Jesus haar toe om Hom aan te raak (vgl ook Mark 5:24-34; Luk 5:42-48); Markus 10:46-52 is die berig van die blinde Bartimeus wat deur mense eenkant toe geskuif word omdat hy as gevolg van sy blindheid nie kwalifiseer vir volle deelname aan die Joodse godsdienstige lewe nie; Jesus roep hom egter nader en skenk aan hom genesing as teken van God se ontferming (vgl ook Matt 20:29-34; Luk 18:35-43).

In al hierdie (en talle ander) gevalle word mense wat op grond van die rituele vereistes van die Ou Testamentiese seremoniële wet uitgesluit is, deur Jesus ingesluit wanneer Hy in die naam van God na mense uitreik. Daar sou in al hierdie gevalle geredeneer kon word dat Jesus al hierdie persone *genees* het en hulle *onreinheid weggeneem* het sonder om daarmee die sisteem van rituele reinheid ongedaan te maak. Die kerk het dit egter nog altyd so verstaan dat die genesing van enkele melaatses, blindes ens nie beteken dat alleen diegene wat genees is, welkom is in die Christelike gemeenskap nie, maar dat *alle* melaatses, blindes ens welkom is. Genesing word nêrens in die Skrif as 'n vanselfsprekende gevolg van die verlossingswerk van Christus gesien nie, maar die genesings wat wel plaasgevind het, dra 'n tekenkarakter en herinner aan die koninkryk van God wat naby gekom het (Botha 1980:42).

Een van die mees opvallende aanduidings dat Jesus Hom verset teen die sisteem van insluiting vs uitsluiting, is die gereelde verwysings in die evangelies na sy tafelgemeenskap met tollenaars en sondaars (Bosch 1996:26-28). Tafelgemeenskap is in die Ou Ooste gesien as 'n baie intieme vorm van verkeer tussen mense en Jesus se optrede kan nie anders gesien word nie as 'n uitgesproke verwerping van die totale sisteem van rituele reinheid en die kategorieë wat 'n integrale deel daarvan uitgemaak het nie (Germond 1997:206).

Jesus se vereenselwiging met die randfigure en die slagoffers van die samelewing geskied met wat genoem kan word "the intelligence of the victim", dit wil sê met die wete dat Hy self in die proses

'n slagoffer kan word (Alison 1998:45,80). Die feit dat Hy desnieteenstaande bereid was om voort te gaan met hierdie soort optrede en uiteindelik wel 'n slagoffer van die establishment se weerstand geword het, dui daarop dat ons hier te doen het met 'n kernaspek van Jesus se bediening.

***4 Die sentrale liefdesgebod as die beslissende norm**

Jesus self het die dubbele liefdesgebod (liefde vir God en liefde vir die naaste) tot die beslissende norm vir die beoordeling van tussenmenslike verhoudings verhef (Matt 22:37-40; Mark 12:30-31; Luk 10:27) (Wink 1999:44-45; Gibson 2000:72-73). Terselfdertyd het Hy die definisie van die naaste en daarmee die draagwydte van die liefdesgebod verbreed om alle mense sonder uitsondering in te sluit (Luk 10:29-37; Matt 5:43-48). Die implikasie hiervan is dat die toepassing van die liefdesgebod nie afhanklik is van enige kwaliteit of verdienste aan die kant van die ander persoon nie, maar alleen bepaal word deur die menswees van die persoon. Toegepas op die homoseksuele naaste beteken dit dat hy/sy sonder inagneming van sy/haar seksuele oriëntasie aanspraak kan maak op die onvoorwaardelike liefde van die Christelike geloofsgemeenskap. Waar persone op grond van hulle seksuele oriëntasie gemarginaliseer word, behoort die Christelike geloofsgemeenskap in die naam van Christus daarteen te protesteer.

Op die vraag of die onvoorwaardelike liefde teenoor die homoseksuele persoon ook die aanvaarding van die persoon se seksualiteit en die kondonering van sy/haar uitlewing daarvan insluit, loop die menings uiteen.

Aan die een kant is daar persone wat onderskei tussen die persoon en die uitlewing van sy/haar seksualiteit en word daar dan gesê dat die homoseksuele *persoon* in liefde aanvaar moet word, maar dat die persoon se *homoseksualiteit* en veral die *uitlewing* daarvan afgekeur moet word. Die persoon moet volgens hierdie siening aangemoedig word om van sy/haar seksualiteit af te sien en gehelp word om 'n heteroseksuele oriëntasie aan te leer (Botha 1980:28).

Aan die ander kant is daar persone wat meen dat die seksuele oriëntasie van die individu – hetsy heteroseksueel of homoseksueel – só wesenlik deel van sy/haar identiteit is dat dit net soos byvoorbeeld ras en geslag nie verander kan word nie (Germond & De Gruchy 1997:ii). Dit sou impliseer dat homoseksuele verhoudings op dieselfde basis en met dieselfde norme beoordeel moet word as die verhoudings van heteroseksuele persone (McNeill 1976:189).

Uitsluitsel oor hierdie vraag sal enersyds daarvan afhang of 'n mens van mening is dat die Bybelse gegewens handel oor homoseksualiteit as sodanig of nie, en andersyds sal dit afhang van die getuienis van die menswetenskappe oor die aard van homoseksualiteit. Waaroor daar klaarblyklik nie verskil van mening is nie, is dat die sentrale liefdesgebod impliseer dat alle persone, ongeag hulle seksuele oriëntasie, met die gesindheid van Christus behandel behoort te word.

4.5.2 Die bedieningspatroon van die Nuwe Testamentiese kerk

Die Nuwe Testamentiese kerk het van die begin af gefunksioneer met die bewussyn dat hulle deur Jesus gestuur is om sy bedieningspatroon onder mense voort te sit. Verskeie gegewens in die Nuwe Testament dui daarop dat hulle van die begin af ook besef het dat hierdie bedieningspatroon alle kategorieë van uitsluiting te bowe gaan. Die universele reikwydte van die kerk se boodskap word reeds in die Pinksterverhaal in Handelinge 2 veronderstel wanneer daar gemeld word dat "die groot dinge wat God gedoen het" aan almal wat van oral oor in Jerusalem teenwoordig was, in hulle eie tale verkondig is. In vs 8 word daar spesifiek vermeld dat dit "Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het" ingesluit het (Germond 1997:207).

In Handelinge 8 word die verhaal van Filippus en die ontmande Etiopiër vertel. Wanneer die Etiopiër vra: "Wat verhinder dat ek gedoop word?" (by implikasie: "Wat verhinder dat ek opgeneem word in die verbondsgemeenskap?") dan verwys Filippus hom nie na die Ou Testamentiese bepaling waarvolgens hy as ontmande uitgesluit is uit die gemeente van die Here nie (Deut 23:1), maar hy doop hom sonder enige beswaar, waarmee hy aandui dat Ou Testamentiese kategorieë van uitsluiting in Christus ter syde gestel is (McNeill 1976:74-76).

Hierdie selfde insig word in Handelinge 10 weerspieël waar vertel word dat Petrus in reaksie op die visioen van 'n doek vol rein en onrein diere en die opdrag van die Here om daarvan te eet in

die huis van die (volgens Joodse opvatting) onrein heiden Kornelius ingaan, die evangelie verkondig en die doop aan Kornelius en sy huismense bedien. Wanneer Petrus die nuwe insig waarvolgens hy gehandel het, in woorde uitdruk, verwys hy nie na die onderskeid tussen Jood en nie-Jood wat opgehef is nie, maar hy stel dit in algemene terme: "God het vir my gewys dat ek *geen mens* as onheilig of onrein mag beskou nie" (Hand 10:28, ons kursivering). Daarmee word gesê dat die tersydestelling van die spesifieke uitsluitingskategorie (Jood teenoor nie-Jood) 'n toepassing is van die algemene opheffing van alle uitsluitingskategorieë (Germond 1997:207-208).
Paulus vat hierdie algemene beginsel soos volg in Galasiërs 3:28 saam: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: In Christus Jesus is julle almal een" . Daarmee word die algemene beskouing van destyds dat hierdie kategorieë saamhang met die natuurlike orde van sake en dus as uitsluitingsmaatreël tussen mense toegepas moet word, ongeldig verklaar (Germond 1997:208-209). By Paulus lei hierdie insig tot die formulering van die leerstuk van vryspraak wat deur die geloof op grond van God se genade sonder enige verdienste van die mens se kant verkry word. Geen kwaliteit in die mens self of enige optrede van sy/haar kant (behalwe die geloof) kan as voorwaarde vir opname in die gemeenskap van gelowiges voorgehou word nie (De Gruchy 1997:252-254).
Dit beteken egter nie dat lewensverandering en lewensvernuwing hierdeur uitgesluit word nie, maar dit word nie as voorwaarde vir God se vryspraak voorgehou nie, maar wel as resultaat van die vryspraak. Met betrekking tot homoseksualiteit is daar weereens meningsverskil oor die vraag of die homoseksuele persoon sy/haar oriëntasie in die proses van lewensvernuwing behoort te verander, en of die homoseksuele persoon, soos in die geval van die heteroseksuele persoon, sy/haar seksualiteit op eties verantwoordelike wyse mag uitleef.
Hoewel nie een van die genoemde teksgedeeltes oor homoseksualiteit handel nie, bied dit tog die boustene vir die denkraamwerk waarbinne daar oor die saak nagedink behoort te word. Hierdie selfde gegewens het trouens ook die denkraamwerk daargestel vir die kerk se nadenke oor byvoorbeeld die posisie van die vrou en die praktyk van slawerny. Dit het daartoe gelei dat die kerk ten spyte van Nuwe Testamentiese gegewens wat op die teendeel dui, tot die gevolgtrekking gekom het dat die vrou gelykwaardig aan die man is en dat die praktyk van slawerny onaanvaarbaar is.
Dit wat hier oor die bedieningspatroon van sowel Jesus as die Nuwe Testemantiese kerk gesê is, beteken dat geen menslike kwaliteit, anders as ongeloof, as uitsluitingskategorie deur die kerk hanteer mag word nie. Ook nie die seksuele oriëntasie van 'n persoon mag by voorbaat as maatstaf dien om te bepaal of 'n persoon toegang tot kerklidmaatskap of die besondere ampte mag verkry al dan nie. Dit is in lyn hiermee dat die Algemene Sinode in 1986 bepaal het dat homoseksuele lidmate nie op grond van hulle gerigtheid, as sodanig, die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk ontsê mag word nie. Op grond hiervan behoort die kerk hom ook uit te spreek teen enige vorm van diskriminasie in die samelewing teen persone op grond van hulle homoseksuele oriëntasie.

4.6 Perspektief vanuit die menswetenskappe

4.6.1 Inleidend

Hoewel die term "homoseksualiteit" en die wetenskaplike bestudering van die verskynsel eers uit die middel van die negentiende eeu dateer, gaan dit oor 'n saak wat, sover vasgestel kan word, in alle samelewings, op alle vlakke van die samelewing en in alle periodes van die geskiedenis voorkom (Du Plessis 1999:4; Kelsey & Kelsey 1999:65).
Uit die verloop van navorsing oor homoseksualiteit blyk dit dat dit in bepaalde kringe agtereenvolgens as 'n siekte, 'n perversie, 'n afwyking of 'n normale variasie van menslike seksualiteit beskou is (Hurst 1980:143). Hierdie verloop vind uitdrukking in die besluit van die American Psychiatric Association in 1973 om homoseksualiteit van hulle lys van geestesiektes te verwyder (McNeill 1976:127).

4.6.2 Oorsake van homoseksualiteit

In antwoord op die vraag na die oorsake van homoseksualiteit word daar gewoonlik gewys op 'n kombinasie van konstitutiewe (aangebore), psigiese en sosiale faktore wat moontlik 'n rol kan speel (Joubert 1980:14; Anthonissen & Oberholzer 2001:143). 'n Redelike mate van eenstemmigheid bestaan dat ongeag die faktore wat 'n rol speel, die seksuele oriëntasie van 'n persoon reeds baie vroeg vasgelê word – volgens sommige navorsers selfs reeds voor geboorte - (Du Plessis 1999:1) en dat dit in die meeste gevalle deur faktore buite sy/haar beheer bepaal word (Joubert 1980:15).

In die eerste dekades van die 20e eeu is homoseksualiteit onder invloed van Sigmund Freud veral aan sielkundige faktore toegeskryf. Volgens die Freudiaanse model ontstaan homoseksualiteit by 'n individu wanneer die oorgang van die adolessente homoseksuele fase na die volwasse heteroseksuele fase nie plaasvind nie; dit word volgens hierdie model deur sielkundige faktore in die vroeë kinderjare, soos die afwesigheid of ondoeltreffende rol van die vader, veroorsaak (Hurst 1980:145).

Sedert die laat veertigerjare het die navorsing van Franz Kallman 'n belangrike invloed op denke oor homoseksualiteit uitgeoefen. Uit sy studies met identiese en nie-identiese tweelinge het dit geblyk dat die persentasie gevalle waar albei lede van 'n tweeling homoseksueel is, in die geval van identiese tweelinge heelwat hoër is in die geval van nie-identiese tweelinge. Volgens sommige navorsers dui dit op die basiese genetiese aard van homoseksualiteit (Hurst 1980:146-147). Ander navorsing wat ook moontlik sou kon dui op die aangebore aard van die verskynsel, fokus op hormonale invloede tydens swangerskap, die ontwikkeling van die breinstruktuur en die moontlike invloed van chromosomale variasies (Du Plessis 1999:10-11; Myers 1999:68-69).

Sosiale faktore wat oor die jare in aanmerking gekom het as moontlike oorsake van homoseksualiteit, is onder andere gesinsdinamika (dominante moeders en afwesige vaders), opvoedingspatrone (seuns wat soos meisies en dogters wat soos seuns grootgemaak word), verleiding van kinders deur volwassenes en die blootstelling aan die voorbeeld van homoseksuele persone (Conradie 1980:68-72; Du Plessis 1999:7-9). Kenners is redelik skepties oor die invloed van genoemde sosiale faktore, omdat daar talle heteroseksuele persone is wat aan dieselfde faktore blootgestel is, terwyl daar aan die ander kant talle homoseksuele persone is wat *nie* aan sodanige faktore blootgestel is nie. Sosiale faktore kan wel 'n rol speel om 'n oriëntasie wat reeds vasgelê is, te bevestig, en die ontplooiing daarvan te bevorder.

4.6.3 Die moontlikheid van heroriëntering

'n Vraag waaroor daar steeds groot meningsverskil bestaan, is of dit vir 'n homoseksuele persoon moontlik is om sy/haar oriëntasie te verander.

Aan die een kant is daar persone wat uitgaan van die veronderstelling dat homoseksualiteit 'n vorm van aangeleerde gedrag is wat berus op 'n keuse wat uitgeoefen word, en wat derhalwe ook omkeerbaar van aard is. Met verloop van tyd is daar met verskeie vorme van terapie geëksperimenteer, byvoorbeeld vorme van kondisionering soos aversieterapie en hipnose, hormoonbehandeling en breinoperasies (Du Plessis 1999:35-37). Die doel van al hierdie terapieë is die verandering van die persoon wat behandel word se seksuele oriëntasie van homoseksueel na heteroseksueel.

Hierteenoor is daar persone wat werk met die veronderstelling dat homoseksualiteit waarskynlik nie aangeleerde gedrag is nie, en nie 'n keuse is wat 'n persoon uitgeoefen het nie (Smede 1999: 79), en dus ook nie afgeleer kan word deur 'n teenoorgestelde keuse vir heteroseksualiteit uit te oefen nie. Daar word ook gewys op die gebrekkige resultate van sogenaamde "genesingsterapieë" en die negatiewe uitwerking wat sodanige terapieë het op baie van die persone wat dit ondergaan (McNeill 1976:130-133; Du Plessis 1999:36- 37).

Volgens persone wat hierdie standpunt huldig, is dit in die oorgrote meerderheid van gevalle nie vir 'n homoseksuele persoon moontlik om sy/haar oriëntasie blywend te verander nie en is die gevalle waar dit wel moontlik is, gewoonlik persone wat op die seksualiteitskontinuum nie as uitsluitlik homoseksueel geklassifiseer kan word nie, maar wat iewers op die spektrum tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit lê (Barnard 1998:4-7; Du Plessis 1999:37).

4.6.4 Beoordeling van homoseksualiteit

Uit die beskikbare literatuur blyk dat daar vier moontlike opsies is wat by die beoordeling van homoseksualiteit oorweeg kan word (Egertson 1999:28-30).

Opsie een: Homoseksualiteit kan beoordeel word as sonde (Burger 2001:7) - 'n bewuste opstand teen die verordeninge van God en die wette van die natuur. In daardie geval word dit as 'n vorm van onsedelikheid beskou wat vergelyk kan word met prostitusie.

Opsie twee: Homoseksualiteit kan beoordeel word as 'n siekte waarvan 'n persoon genees kan word. Dit kan dan vergelyk word met 'n siekte-toestand vergelykbaar met alkoholisme.

Opsie drie: Homoseksualiteit kan beoordeel word as 'n simptoom van die abnormale, gebroke werklikheid waarin ons leef (Heyns 1986:166). Omdat dit 'n afwyking van die oorspronklike bedoeling van God is, kan dit vergelyk word met fisiese gestremdheid of iets soos infertiliteit waarmee die betrokke persoon moet leer om so goed as moontlik saam te leef.

Opsie vier: Homoseksualiteit kan beoordeel word as 'n wisselvorm van normale menslike seksualiteit en dus 'n simptoom van die ryke verskeidenheid wat in God se skepping opgesluit is (Boulding 1999:112; Harris & Moran 1999:75) – vergelykbaar met iets soos linkshandigheid wat voorheen ook as abnormaal beskou is en terapeuties probeer "herstel" is.

In die kerklike gesprek blyk daar veral twee standpunte te wees:

Volgens die een standpunt word 'n homoseksuele lewenstyl duidelik in die Bybel veroordeel as sonde voor God en behoort persone met 'n homoseksuele oriëntasie begelei te word om óf hiervan bevry te word, óf vir 'n lewe van seksuele onthouding (selibaat) te kies.

Volgens die ander standpunt is daar geen Bybelse gronde om dit wat vandag onder homoseksualiteit verstaan word, sonder meer te veroordeel nie. Homoseksuele persone moet eerder begelei word om hulle seksualiteit op verantwoordelike wyse uit te leef.

In die praktyk sal hierdie twee sienings waarskynlik lei tot twee uiteenlopende maniere om die homoseksuele persoon pastoraal te benader.

4.7 Huidige situasie met betrekking tot die debat in die NG Kerk

4.7.1 Inleiding

In die debat oor homoseksualiteit kom die Kommissie onder die indruk dat mense hulleself beskou en doelbewus beskryf in terme van twee kampe wat teenoor mekaar stelling inneem. Dit is egter nie naastenby die volle waarheid nie. Daar is nie regtig net twee teenoorgestelde kampe nie, maar eerder 'n hele spektrum van moontlike posisies. Daar is baie, baie meer onderlinge ooreenkomste tussen mense wat dink dat hulle van mekaar verskil, asook baie meer verskille tussen mense wat dink dat hulle saamstem, as wat 'n massiewe verdeling in net twee kampe suggureer.

Indien afgevaardigdes na die sinode hulleself van die begin af so in twee kampe sien, kan dit slegs tot 'n magstryd lei, waarin daar uiteindelik wenners en verloorders moet wees – en dit sal presies die hele saak vertroebel, almal wat betrokke is benadeel, en nie die waarheid dien nie. Dis dalk van die allergrootse belang dat alle deelnemers aan die gesprek begin deur nie hulleself meer in sulke hoeke en kampe te sien, en ander as hulle teenstanders te beskou en uit te maak nie, maar met 'n ander gesindheid in die gesprek sal ingaan, naamlik die gesindheid om goed te luister na wat ander presies sê, en om te soek na ooreenkomste, ten einde die werklike punte van meningsverskil beter te sien en te kan beskryf.

In sy ondersoek het die Kommissie onder meer bevind dat daar drie verskillende vrae aan die orde is.

4.7.2 Drie aspekte

4.7.2.1 Wat is die eintlike saak waaroor dit gaan?

Sommige (en dalk almal binne die kerk) sal sê dat dit ten diepste gaan oor maniere van omgaan met die Bybel, oor hermeneutiese vrae. Dit is opvallend hoeveel mense dié soort mening huldig. Natuurlik stem nie almal saam oor hoe die Bybel uitgelê behoort te word nie, maar dit sal al groot vordering wees as deelnemers kan saamstem dát dit oor verantwoordelike Bybeluitleg gaan,

sodat die gesprek dalk meer saaklik dáároor kan gaan, sonder dat mense mekaar by voorbaat al beskuldig, verwyt en verketter.

Ander sê dat dit ten diepste gaan oor verskille van mening oor die vrae wat homoseksualiteit regtig is – is daar byvoorbeeld iets soos kern- of aangebore homoseksualiteit, of nie? Is dit natuurlik gegee, met die skepping of met geboorte, of dalk kultureel aangeleer, en bewustelik gekies? Is die praktyke waaroor die bekende Skrifgedeeltes praat dieselfde sosiale, kulturele verskynsel as wat vandag homoseksualiteit genoem word, en meer spesifiek nog waarvan sprake is in sogenaamde nie-losbandige verbintenisse van liefde en trou, of is dit nié dieselfde nie? Net al die erkenning dat sulke vrae (en hulle uiteenlopende antwoorde) 'n bepalende rol speel in die meningsverskille binne die kerk, kan mense nader aan mekaar bring. Die antwoorde op hierdie vrae word immers nie deur die Bybel gegee nie, maar deur ander wetenskappe en bronne. Mense wat hieroor ander standpunte huldig as jou eie – en wie se Bybel-lees daardeur beïnvloed word – kan dus nie by voorbaat al verdag gemaak word as ongehoorsaam nie. Die maniere om mekaar te oortuig sal op ander weë gevind moet word. Dit is interessant hoe verskillende mense verskillende bronne en boeke aanhaal en glo, as finale gesagsbronne – grootliks omdat hulle dié bronne by voorbaat wil glo, aangesien dit hulle eie standpunte verder bevestig. Indien die gesprek hieroor nederiger en saakliker kan verloop, met groter bereidheid om te luister en dalk te leer, mag ons ontdek dat ons nie so ver van mekaar verwyder is nie.

Baie mense sê dat hierdie gesprek eintlik gaan oor 'n groter saak, wat onderliggend is aan mense se menings oor homoseksualiteit. Dis asof hulle wil sê: Hier is meer op die spel. Dit gaan hier om baie, baie ernstige sake. Daar word selfs met intense emosie gepraat, en dis baie belangrik om dit te hoor en te respekteer. Maar wat is hierdie dieperliggende saak? Daaroor loop die menings weer – begryplikerwys – uiteen.

*** 1** Sommige dink die getuienis van die kerk self is hier op die spel – maar diegene wat hieroor saamstem, verskil dalk diametraal van mekaar oor waarom hulle dit sê en oor wat hierdie getuienis moet wees.

*** 2** Sommige sê dit gaan oor die getuienis dat die gesag van die Bybel as die Woord van God gehandhaaf moet word; dat die heiligheid van God en die gehoorsaamheid van die kerk aan die duidelike opdragte en eise van Gods Woord op die spel is; dat enige ontrou op hierdie punt die dun ent van die wig sal wees waardeur die tydsgees van aller-verdraagsaamheid en relatiwisme die kerk sal binnedring en verwoes.

*** 3** Andere meen dat die getuienis van die kerk as versorgende, versoenende, vergewende, pastorale dienskneg van die genadige God Self hier op die spel is; dat liefdelose, onbarmhartige woorde en dade op hierdie punt die kerk se getuienis as navolgers van die liefdevolle Jesus Christus finaal ongeloofwaardig sal maak in die oë van 'n wêreld wat die kerk alreeds as onbarmhartig en liefdeloos sien.

Vir almal gaan dit dus om die waarheid van die evangelie self, en om die waarheid van die kerk se getuienis en lewe. Juis daarom word daar oor die saak met soveel erns, deernis en selfs emosionele ontsteltenis gepraat. Indien almal dié diepe erns agter die ander se standpunte kan hoor en respekteer, mag die saaklike gesprek oor wat die regte weg vorentoe is, en hoe oor die evangelie, oor Jesus Christus en oor God gedink behoort te word, dalk makliker vorder.

En só, beweer eksponente aan weerskante van die spektrum, dat niks minder nie as die verlossingsboodskap self hier op die spel is. Ten diepste gaan dit om die vraag wie God in ons oë is. Daaroor stem ons saam, sonder om dieselfde daarmee te bedoel. Sommige praat meer van die heiligheid en geregtigheid van God, terwyl andere meer praat van 'n liefdevolle, genadige God. Respek vir mekaar se goeie bedoelinge, en erkenning dat die ander juis ook die eer van God wil handhaaf in hoe die kerk hieroor dink, praat en doen, klink gevolglik na die enigste vertrekpunt wat kan lei tot vordering in die gesprek.

Daar is veel meer as maar net twee teenoorgestelde standpunte. Daar is verskeie nuanses en persepsies en kombinasies van perspektiewe en standpunte, wat met dieselfde patos en oortuiging gestel word. Baie luister en praat met mekaar lê nog voor.

4.7.2.2 Wat is dit wat in ag geneem moet word in hierdie saak?

'n Tweede baie belangrike aspek is die feit dat letterlik almal saamstem met die feit dat daar verskillende faktore van baie groot belang is wat in die kerklike debat in ag geneem behoort te word. Daar is ten minste drie aspekte:

***1** Die Bybel moet baie ernstig geneem word, want dit is die norm vir die lewe van die kerk en van gelowiges

***2** Allerlei nie-teologiese inligting is nodig en van deurslaggewende belang

***3** Daar moet op pad vorentoe met groot erns en sensitiwiteit na talle stemme, groepe en getuienisse geluister word wat nog nie genoegsaam en duidelik genoeg gehoor is nie.

*** 1 Die Bybel moet ernstig geneem word**

Vir ons as Gereformeerdes is die Bybel die gesaghebbende norm. Dit is ons vertrekpunt. Alle afgevaardigdes behoort mekaar se erns hiermee te respekteer. Dit kan tot onderlinge vertroue lei, wat dit kan moontlik maak om die diep, omstrede en pynlike diskussie te voer sonder om mekaar prys te gee of te veroordeel.

Uiteraard is die luister na die gesaghebbende Woord in sake van leer en lewe vir Gereformeerdes nooit 'n eenvoudige saak nie. Dit gaan nie net om die eenvoudige, direkte aflees van waarhede, of die willekeurige aanhaling van tekste nie. Vir Gereformeerdes was gesamentlike Skrifstudie en gebed daarom altyd van groot belang, die leiding van die Heilige Gees, verantwoordelike eksegese en teologie, prediking en nadenke en gesprek oor die prediking deur gelowiges, onderrig, leer en kategese, en talle meer. Die noodsaak van verantwoordelike hermeneutiek word daarom ernstig deur die Kommissie beklemtoon. Die uitdaging bly dat gelowiges met mekaar sal bly praat oor wat dit is wat die Bybel vir hulle sê – ook oor etiese sake. Daarom is die band van die gemeenskap van die gelowiges so belangrik. Daarom moet gelowiges aanhou om met mekaar te bly praat oor hulle interpretasies, hulle verstaan van mekaar en hulle eie (emosionele) ervarings. Dit is 'n baie belangrike vertrekpunt, waaroor deelnemers met mekaar behoort ooreen te kom, om nie mekaar in hierdie proses te verloor nie.

***2 Nie-teologiese faktore moet in ag geneem word.**

Dit is duidelik dat ander dissiplines en bronne ook uiters belangrik is in hierdie gesprek. Feitlik almal beroep hulle op navorsing uit verskeie bio-psigososiale wetenskaplike dissiplines en bronne. Uiteraard verskil mense oor welke bronne hulle glo en watter gevolgtrekkings hulle daarom maak, maar dit behoort juis sinvolle en ingeligte gesprek in die kerk te bevorder, en nie te belemmer nie. Niemand behoort immers so vooraf-ingenome standpunte te huldig dat hulle weier om ander bronne te glo, en net bronne soek wat hulle eie standpunte verder bevestig nie. Ingeligte gesprek in die kerk met behulp van kenners kan sekerlik baie bydra tot groei na mekaar en na verantwoordelike, gesamentlike standpunte toe.

Die ooreenstemming in die debat strek verder. Alhoewel dit seker almal se erns is om betroubare kennis te verkry, is die meeste van ons tog skynbaar agterdogtig teen enige natuurlike teologie. Almal verwerp byvoorbeeld in beginsel die invloed van patriargale strukture, wat sekere persepsies van menswees vir soveel jare in ons tradisionele gemeenskappe gevestig het, en wil nie hê dat hulle eie sieninge bloot deur kultuur, tydsgees of menslike tradisies voorgeskryf moet word nie.

***3 Die kerk moet luister na 'n verskeidenheid van groepe**

Dit is duidelik dat die kerk in hierdie saak goed behoort te luister na byvoorbeeld sy eie kinders, na familie, vriende, na homoseksuele mense self, na vroue en na mans. In dié luister-proses is niemand se stemme normatief of die laaste woord nie. Trouens, ons besef dat alle groepe ook uiteenlopende sieninge van die saak sal hê. Nie eens mense wat dieselfde omstandighede of ervarings deel, sien sake dieselfde nie. Ouers wat self homoseksuele kinders het, huldig byvoorbeeld uiteenlopende standpunte oor wat die kerk se siening en optrede behoort te wees, en dieselfde sal sekerlik die geval wees met alle groepe waarna geluister sal word, maar dit doen nie afbreuk aan die feit dat die kerk regtig wyd en verteenwoordigend behoort te luister en

mekaar ernstig behoort op te neem voordat tot finaler standpunte en besluite gekom word nie.

4.8 Gevolgtrekking

Die Kommissie kom tot die gevolgtrekking dat die saak uiters gekompliseerd is. Standpunte lê eintlik op 'n spektrum versprei. Oor baie sake is baie mense nog onseker. 'n Lang pad van onderlinge gesprek is waarskynlik die aangewese weg, wat sal moet berus op onderlinge vertroue en aanvaarding van die ander se goeie bedoelinge, ondanks die diepe meningsverskille, waarop langs veel meer stemme en menings geluister word, waarop veel meer inligting verkry en versprei en bespreek sal word, waarop die volle getuienis van die Skrif – nie net die perikope wat skynbaar oor homoseksualiteit handel nie, maar die skopus en die ganse reikwydte van die Skrif self, soos altyd in alle etiese vraagstukke – deeglik, biddend en ootmoedig bespreek en in ag geneem sal word, waarop die strewe sal wees om mekaar en andere in die kerk nie in die proses te verloor nie.

Terwyl die kerk op dié weg is, sal dit baie moeilik na buite gekommunikeer word, omdat die media en die publiek haastige en eenvoudige oplossings wil hê. In die beste belang van almal lê die groot uitdaging voor die kerk se deur hoe om hierdie kompleksiteit aan die kerk en aan alle lidmate te kommunikeer. Daaroor sal verder gepraat moet word. Dalk is die uitdaging vir die kerk op hierdie oomblik om nie soseer 'n nuwe standpunt (oor homoseksualiteit) nie, maar hoe om die kompleksiteit van die saak te kommunikeer – juis as 'n nuwe "standpunt", waarmee voorlopig geleef kan word.

4.9 Slotwoord

Hierdie verslag word gedra deur die gees wat spreek uit die volgende twee aanhalings:

"Ons sal daarom dán eers die nagmaal van ons Here reg gebruik as hierdie gedagte in ons ingegraveer is: dat ons niemand van ons broeders kan beledig, minag of kwaad aandoen sonder om Christus te beledig, te minag of kwaad aan te doen nie… Dat ons Christus nie kan liefhê sonder om Hom in ons broeders lief te hê nie. Dat ons dit nie kan verdra dat 'n broeder kwaad aangedoen word sonder om medelye met hom te hê nie" (Calvyn, Institusie IV/17/38)

"We would rather err on the side of helping hurting people than on the side of hurting helpless people" (Egertson 1999:30).

10 AANBEVELINGS

10.1 Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.

10.2 Die Algemene Sinode erken dat daar nie eenstemmigheid in die kerk is oor wat die wil van God met betrekking tot homoseksualiteit is nie, maar dat daar verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens en van wat God vandag vir ons oor die saak wil sê. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

10.3 Hoewel dit vir die Algemene Sinode duidelik is dat daar in die Bybel na bepaalde dade, wat verband hou met homoseksualiteit, verwys word as in stryd met die wil van God, is daar by ons verskil van mening of hierdie uitsprake in die Bybel van toepassing is op homoseksualiteit in die algemeen. Daar is ook by ons meningsverskil of dit spesifiek van toepassing is op homoseksuele persone wat in permanente verhoudings van liefde en trou staan.

10.4 In aansluiting by die huidige beleidstandpunt van die N G Kerk oor lidmaatskap (Handelinge, Alg Sinode,1990:590, 591 vgl paragraaf 249,250) is daar by die Algemene Sinode nie die minste twyfel nie, dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, die objekte van God se liefde is en dat hulle op grond van hulle geloof alleen as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding as Christene, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en

hulle integriteit onvoorwaardelik moet aanvaar.

10.5 In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002, besluit die Algemene Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002:624 punt 12.11).

10.6 Dit is die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei om met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode onomwonde verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke persone in die verlede seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kon word nie. Ons staan skuldig voor God en voor elkeen wat direk of indirek onder ons optrede gely het en daarom aan hulle menswaardigheid getwyfel het, en kan maar net om vergiffenis vra.

4.11 BESPREKINGSVRAE

1. Wat maak dit vir sommige mense moeilik om homoseksuele persone te aanvaar?

2. Wat maak dit vir sommige mense moontlik om homoseksuele persone te aanvaar?

3. Wat dink julle van die volgende stelling: Dit is 'n Godslasterlike daad om gelowige mense aan hulle menswaardigheid en geloofsidentiteit te laat twyfel op grond van hulle seksuele orientasie.

BRONNELYS

Albright, WF 1957. *From Stone Age to Christianity.* Baltimore: John Hopkins University Press.

Algemene Sinode 1986*. Agenda vir en Handelnge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk.*

Algemene Sinode 2002. *Agenda vir en Handelinge van die elfde vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk.*

Alison, J 1996. *Knowing Jesus.* London: SPCK.

Anthonissen, C & Oberholzer P 2001. *Gelowig en Gay? Riglyne vir 'n Sinvolle Dialoog met Gay Lidmate.* Wellington: Lux Verbi.BM.

Arndt, WF & Gingrich, FW 1957*. A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature.* Chicago: The University of Chicago Press.

Arterburn, S 1991. *Addicted to 'Love'. Recovering from Unhealthy Dependencies in Romance, Relationships and Sex.* Guildford: Eagle.

Atkinson, D 1979. *Homosexuals in Christian Fellowship.* Grand Rapids:Eerdmans.

Bahnsen, GL 1978. *Homosexuality: A Biblical View.* Grand Rapids: Baker.

Barnard, R 1998. '*Gays', Geloof en skrif.* Pretoria: Eie publikasie.

Barrett, CK 1971*. The First Epistle to the Corinthians.* London: A&C Black.

Boulding, E 1999. The Challenge of Nonconformity, in Wink (red) 1999: 111-117.

Bosch, DJ 1996. *Goeie Nuus vir Armes… en Rykes. Perspektiewe uit die Lukasevangelie.* Pretoria: CB Powell-Bybelsentrum Unisa.

Botha, A 1980. *Pastorale Sorg aan die Homoseksueel. 'n Handleiding aan Pastorale Versorgers.* Bloemfontein: NG Kerk Jeugboekhandel.

Brink, J 1992. *Eenling is Geenlin. Bijbel en Homoseksualiteit.* Kampen: Kok.

Burger, I 2001. Bybel só gefragmenteerd, in *Algemene Kerkbode* 166/7 (2001) 7.

Cobb, JB jr 1999. Being Christian about Homosexuality, in Wink (red) 1999: 89-93.

Collins, R 1977. The Bible and Sexuality, in *Biblical Theology Bulletin* 7 (1977).

Conradie, EL 1980. Terapie en die Homoseksueel, in Joubert et al 1980: 61-90.

Cranfield, CEB 1975.*The Epistle to the Romans. A critical and Exegetical Commentary. Volume I.* Edinburgh: T&T Clark.

De Gruchy, S 1997. Human Being in Christ: Resources for an Inclusive Anthropology, in Germond & De Gruchy 1997: 232-269.

Du Plessis, J 1999. *Oor Gay Wees.*Kaapstad: Tafelberg.

Egertson, PW 1999. One Family's Story, in Wink (red) 1999: 23-30.
Forbes, JA jr 1999. More Light from the Spirit on Sexuality, in Wink (red) 1999: 1-9.
Furnish, VP 1979. *The Moral Teaching of Paul*. Nashville: Abingdon.
Germond, P 1997 Heterosexism, homosexuality and the Bible, in Germond & De Gruchy 1997: 188-232.
Germond, P & De Gruchy, S 1997. *Aliens in the Household of God. Homosexuality and Christian Faith in South Africa.* Cape Town/Johannesburg: David Philip.
Gibson, P 2000. *Discerning the Word. The Bible and Homosexuality in Anglican Debate.* Toronto: Anglican Book Centre.
Harris, M & Moran, G 1999. Homosexuality: A Word not Written, in Wink (red) 1999: 71-76.
Heyns, JA 1976. *Brug tussen God en Mens. Oor die Bybel.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Heyns, JA 1986. *Teologiese Etiek 2/1. Sosiale Etiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Hurst, LA 1980. Volwasse Manlike Homoseksualiteit, in Joubert et al 1980: 141-169.
Joubert, D 1980. 'n Sosiologiese siening, in Joubert et al 1980: 1-58.
Joubert, D, Conradie, EL, Louw, DJ & Hurst LA 1980. *Perspektiewe op Homoseksualiteit.* Durbanville: Boschendal.
Kelsey, M & Kelsey, B 1999. Homosexualities, in Wink (red) 1999: 63-66.
Kerk en Samelewing. 'n Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1990.
Koehler, L & Baumgartner, W 1958. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros.* Leiden: Brill.
Louw, DJ 1980. Die Bybel en Homoseksualiteit, in Joubert et al 1980: 91-139.
Maarsingh, B 1980. *Leviticus.* Nijkerk: Callenbach.
McNeill, JJ 1976. *The Church and the Homosexual.* New York: Simon & Schuster.
Moore, G 2003. *A Question of Truth. Christianity and Homosexuality.* London: Continuum.
Myers, DG 1999. Accepting What Cannot be Changed, in Wink (red) 1999: 67-70.
Pittinger, N 1972. *Time for Consent.* London: SCM.
Ridderbos, H 1967. *De Pastorale Brieven.* Kampen: JH Kok.
Scroggs, R 1983. *The New Testament and Homosexuality. Contextual Background for Contemporary Debate.* Philadelphia: Fortress.
Sehested, K 1999. Biblical Fidelity and Sexual orientation: Why the First Matters, Why the Second Doesn't, in Wink (red) 1999: 50-60.
Siler, MM jr 1999. Same-Gender Covenants, in Wink (red) 1999: 128-131.
Smedes, LB 1999. Exploring the Morality of Homosexuality, in Wink (red) 1999: 77-82.
Thielicke, H 1975. *The Ethics of Sex.* Grand Rapids: Baker.
Ukleja, PM 1983. Homosexuality and the Old Testament, in *Biblioteca Sacra* 140 (1983).
Van Beinum, MW 1984. *Verwarring en Herkenning. Over Gemeente en Homoseksualiteit.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.
Van de Spijker, H 1961. *Die Gleichgeschlechliche Zuneigung.*
Van Gennep, FO 1972. *Mensen hebben mensen nodig. Een Studie over Seksualiteit en Nieuwe Moraal.* Baarn: Bosch & Keuning.
Von Rad, G 1972. *Genesis. A Commentary.* London: SCM Press.
Wenham, JG 1991. *Expository Times* 102(1991) 359-363.
Wink, W (red) 1999. *Homosexuality and Christian Faith. Questions of Conscience for the Churches.* Minneapolis: Fortress.
Zijlstra, G 1984. Tegen het Natuurlijk Gebruik der Vrouw, in Van Beinum et al 1984: 58-62.

André Bartlett